13 - 16 jaar

# My Refleksie Bybel Joernaal

Boek 5

Heuningsoet Woord & Gees
Psalm 19:10&11

‘n Self-doen Refleksie Bybel Joernaal vir tieners 13 tot 16 jaar.
Saamgestel en geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Tydens die deurwerk van hierdie Refleksie Joernaal
gaan jy daagliks aan verskillende Bybelgedeeltes blootgestel word.
Deur afwisselend tussen die Ou en Nuwe Testament te beweeg,
sal jy kosbare ontdekkings maak van wie God is en wat Sy plan vir die mens is.
Soos jy die Woord bestudeer en dieper daaroor nadink, bid ek dat Heilige Gees jou ook sal wys hoe jy die Woord deel van jou eie lewe kan maak.
Jy sal met tyd meer leer van God se karakter en wie Hy werklik is.
God is goed en regverdig en Sy Woord getuig daarvan.
Soos jy die dissipline aanleer om gereeld tyd in God se Woord spandeer,
sal dit tot gevolg hê dat jy in jou geloof groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks toegewyd en puntsgewys deur die Bybelgedeeltes te beweeg, sal jy:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- leer om te reflekteer wat God vir jou, op daardie oomblik deur die Bybelverse wil sê
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- beleef hoe Heilige Gees vir jou sekere woorde of verse uitlig waarmee Hy spesifiek met jou wil gesels op die oomblik
- leer om vanuit die Woord te bid
- jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- leer om die kern/ hart of tema van ‘n spesifieke Bybelteks te identifiseer soos Heilige Gees dit aan jou openbaar op daardie oomblik
- met groter aandag en intensie Bybelverse te bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord, deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- waardevolle beloftes van God aan jou, neer te skryf en te memoriseer en so in jou hart en gedagtes vas te lê.
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer
- God se kommunikasie deur die verse van Sy Woord te ervaar en...
- ‘n lewenslange fondasie te vorm, van hoe om die Bybel prakties deel van jou lewe te maak en daardeur ‘n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie Reflekterende Bybel Joernaal tot seën wees vir jou!

**Alle Bybel aanhalings is gemaak vanuit die Afrikaans 1983 vertaling.*

Hierdie *Refleksie* **Bybel Joernaal** behoort aan:

____________________________________________

Datum:

______________________________

**Riglyne vir die deurwerk van hierdie 30 dae *Refleksie Joernaal*:**

- Elke dag se Bybelgedeelte is gehaal vanuit die *1983 Afrikaanse Bybelvertaling*. Indien jou Bybelvertaling verskil van die 1983 vertaling, is jy welkom om die dag se Bybelgedeelte in jou eie Bybel op te soek en dan daaruit te lees. Op hierdie wyse sal jy ook beter leer waar die verskillende Bybelboeke in jou eie Bybel is. Vergelyk jou vertaing met die 1983 vertaling indien dit anders is.

- Indien jy nie merkies wil maak, verse wil beklemtoon ("highlight") of wil onderstreep in jou eie Bybel nie, is die ***Refleksie Joernaal*** se daaglikse Bybeluittreksel daar vir jou om lekker te reflekteer, merk en in te kleur wat vir jou uitstaan of aanraak.

- Onthou, hierdie is jou joernaal. Leef jou in die Bybeltekste in. Maak dit jou eie en skryf alles wat in jou hart en gedagtes opkom neer in die spasies waar die vrae is. Skryf neer waaroor jy wonder (hoe snaaks of vreemd dit mag klink). Skryf jou vrae neer selfs al het jy nie antwoorde daarop op daardie oomblik nie - jy sal verbaas wees hoe Heilige Gees jou lei in die Waarheid oor verloop van tyd!

- Soos jy deur die daaglikse Bybelgedeeltes beweeg sal jy agterkom dat jy nuuskierig kan raak wat voor die dag se uittreksel gebeur het, of wat daarna gaan plaasvind. Dis hoe Heilige Gees jou honger maak om meer tyd in die Woord te spandeer. Stop vir 'n dag en lees verder soos wat jy voel Heilige Gees jou lei.

- **BELANGRIK VOOR ELKE LES:** Vra vir Heilige Gees om jou by te staan terwyl jy deur jou Bybel gaan lees en tyd met Hom gaan spandeer.

**Dag 1** JOHANNES 14

### Jesus gaan na sy Vader toe

1“Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God;
glo ook in My. 2In die huis van my Vader is daar
baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie
vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek
gereed te maak nie. 3En as Ek gegaan het en vir
julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en
sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan
wees waar Ek is. 4En julle ken die weg na die
plek waarheen Ek gaan.”

5Tomas sê toe vir Hom: “Here, ons weet nie
waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg
daarheen ken?”

6Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die
waarheid en die lewe. Niemand kom na die
Vader toe behalwe deur My nie. 7As julle My
ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af
ken julle Hom en sien julle Hom.”

8Toe sê Filippus vir Hom: “Here, wys vir ons die
Vader, en dit is vir ons genoeg.”

9En Jesus sê vir hom: “Ek is al so lank by julle,
en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien
die Vader. Hoe kan jy dan sê: ‘Wys vir ons die
Vader’? 10Glo jy nie dat Ek in die Vader is en
die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met
julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit
kom van die Vader wat in My bly en sy werke
doen. 11Glo in My omdat Ek in die Vader is en
die Vader in My; of anders, glo op grond van die
werke self.

12“Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook
die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog
groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader
toe gaan. 13Wat julle ook al in my Naam vra,
sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun
verheerlik kan word. 14As julle My iets in my
Naam vra, sal Ek dit doen.”

Die Heilige Gees sal by julle bly

15“As julle My liefhet, sal julle my opdragte
uitvoer. 16Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir
julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by
julle te wees, 17naamlik die Gees van die
waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie,
omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie.
Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in
julle sal wees.

18“Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie;
Ek kom weer na julle toe. 19Nog net 'n klein
rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie,
maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal
lewe. 20Daardie dag sal julle weet dat Ek in my
Vader is en julle in My en Ek in julle.

21“Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is
hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal
my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My
aan hom openbaar.”

22Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom:
“Here, hoe kom dit dat U U aan ons gaan
openbaar en nie aan die wêreld nie?”

23Jesus antwoord hom: “As iemand My liefhet,
sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader
sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en
by hom woon. 24Wie My nie liefhet nie, neem
my woorde nie ter harte nie; en die woorde wat
julle hoor, is nie Myne nie, maar die Vader s'n
wat My gestuur het.

25“Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle
bly; 26en wanneer die Vader in my Naam die
Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle
alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir
julle gesê het.

27“Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek
vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die
soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie
ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees
nie. 28Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het:
Ek gaan weg, maar Ek kom weer na julle toe. As
julle My liefgehad het, sou julle bly gewees het
dat Ek na die Vader toe gaan, omdat die Vader
groter as Ek is. 29En nou sê Ek dit vir julle
voordat dit gebeur, sodat julle kan glo wanneer
dit gebeur. 30Ek sal nie meer lank met julle kan
praat nie, want die owerste van die wêreld is
aan die kom. Hy het geen mag oor My

nie, 31maar die wêreld moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom doen wat die Vader My beveel het.

"Staan op, laat ons hiervandaan weggaan."

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') al dele wat verwys na Heilige Gees.

3. Skryf 'n vers neer wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte dra.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

__________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ___________

Gebed :

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 2 PSALMS 31

**My tye is in u hand**

1Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.

2By U, Here, skuil ek. Laat my tog nooit teleurgestel staan nie! Bevry my, want U is getrou.

3Luister na my, red my tog gou.

Wees vir my 'n rots om na toe te vlug,

'n bergvesting om my te red.

4Ja, U is my rots en my bergvesting,

ter wille van u Naam sal U my voorgaan en my lei.

5Bevry my uit die vangnet wat hulle vir my gestel het, want U is my toevlug.

6In u hande gee ek my lewe oor, want, Here, troue God, U het my vrygemaak.

7Ek haat mense wat waarde heg aan die nikswerd afgode; my vertroue stel ek in die Here.

8Ek wil jubel en juig oor u troue liefde:

U was nie onverskillig teenoor my ellende nie;

U het die bedreiging van my lewe raakgesien

9en my nie aan die mag van die vyand oorgelewer nie; U het my 'n veilige staanplek gegee.

10Wees my genadig, Here, want ek is in die nood; van verdriet het my oë swak geword, ja, alles in my.

11My lewe vergaan van kommer en my jare van swaarkry; deur my ellende word my krag geknak en teer my liggaam uit.

12Ek is die spot van al my teëstanders,

veral van my bure, 'n verskrikking vir al my bekendes. Dié wat my op straat sien, vlug vir my.

13Ek is vergeet soos iemand wat lankal dood is,

ek het geword soos 'n ding wat lê en vergaan.

14Ek hoor dreigemente van baie; dit dreig van alle kante af. Baie span teen my saam en smee planne om my lewe te neem.

15Maar ek vertrou op U, Here, ek sê: U is my God.

16My tye is in u hand. Red my uit die hande van my vyande en vervolgers!

17Verskyn tog tot my redding, red my deur u onfeilbare liefde.

18Here, laat my nie teleurgestel staan in my verwagting as ek U aanroep nie.

Laat die goddelose teleurgestel staan in hulle verwagting, laat hulle die stilte van die doderyk ingaan.

19Bring die leuenaars tot swye, dié wat vol is van hulleself en in hoogmoed en veragting teen die regverdige praat.

20Hoe groot is u goedheid: dit is altyd daar vir dié wat U dien, U bewys dit voor die oë van die mense aan dié wat by U skuil.

21Deur u teenwoordigheid beskerm U hulle teen die sameswering van mense.

U steek hulle weg vir dié wat vir hulle beskuldig.

22Aan die Here kom die lof toe, want Hy het sy trou op wonderbaarlike wyse aan my betoon toe ek beleër was.

23Ek het in my angs gedink:

Dit is klaar met my, selfs U het my verwerp.

Tog, U het geluister na my gesmeek

toe ek na U om hulp geroep het.

24Betuig julle liefde vir Hom,

julle almal wat die guns van die Here geniet. Die Here beskerm dié wat aan Hom getrou is,

maar dié wat teen Hom opstandig is, straf Hy swaar.

25Wees dus sterk en hou goeie moed, julle almal wat julle vertroue in die Here stel.

1. Kleur 'n vers of twee in wat vir jou uitstaan ('highlight').

2. Wat dink jy was Dawid se kerngedagte of rede hoekom hy hierdie Psalm geskryf het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Kies 'n vers wat 'n belofte vanuit God se hart beskryf en skryf dit neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Skryf 'n mooi karaktereienskap van Dawid neer wat jy opmerk vanuit hierdie Psalm.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat het jy geleer van God uit hierdie Psalm?

___________________________________

___________________________________

___________________________________


6. Noem 'n geloofs-optrede wat David hier beskryf en 'n uitkoms daarvan. (Bv. Dawid kies om op God te vertrou vir beskerming, daarom bewaar God hom veilig).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



**Dag 3** GENESIS 6

### Die reuse

1Toe die mense baie begin word het op die aarde en daar vir hulle dogters gebore is, 2het die hemelwesens gesien die dogters van die mense is mooi en het hulle getrou met die dogters van hulle keuse. 3Toe sê die Here: "My Gees sal nie meer so lank in die mens bly nie, want hy is sterflik. Sy lewensduur sal nou honderd en twintig jaar wees."

4In daardie tyd was daar reuse op die aarde, en ook daarna wanneer die hemelwesens na die dogters van die mense toe gekom en kinders by hulle gehad het. Hulle was die sterk mense van die ou tyd, die manne van naam.

### Die sondvloed

5Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, 6was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief. 7Die Here het gesê: "Ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af; mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, want Ek is bedroef daaroor dat Ek hulle gemaak het."

8Maar Noag is deur die Here begenadig.

9Hier volg die verhaal van Noag.

Noag was 'n regverdige man. Onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het naby God geleef.

10Noag het drie seuns gehad: Sem, Gam en Jafet.

11Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld; 12Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot. 13Toe sê God vir Noag: "Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense, want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.

14"Maak vir jou 'n ark van goferhout. Jy moet vertrekke in die ark maak en dit binne en buite met pik dig maak. 15Jy moet dit soos volg maak: die lengte van die ark moet honderd vyf en dertig meter wees, sy breedte twee en twintig en 'n half meter en sy hoogte dertien en 'n half meter. 16Jy moet 'n dak vir die ark maak en sy nok moet jy vyf en veertig sentimeter hoog maak. Verder moet jy 'n deur aan die kant van die ark insit en 'n onderste, middelste en boonste verdieping maak.

17"Ek gaan 'n oorstroming oor die aarde laat kom om al wat daarop lewe, te verdelg, elke lewende ding onder die hemel. Alles wat op die aarde is, sal omkom, 18maar met jou wil Ek 'n verbond sluit. Jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en jou skoondogters. 19Van al wat leef, van al die diere, moet jy twee van elk, manlik en vroulik, in die ark laat ingaan om saam met jou aan die lewe te bly. 20Van elke soort voël en dier, ook van dié wat kruip, van almal sal daar twee na jou toe kom om aan die lewe te bly. 21Jy moet vir jou kos saamvat, van alles wat geëet kan word, en dit by jou wegpak. Dit sal jou en die diere se kos wees."

22Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het.

1. **Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan of met jou hart praat.**



2. Watse Bybelkarakter in hierdie storie staan vir jou uit en hoekom?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Wat dink jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Is daar iets waaroor jy wonder nadat jy hierdie skrif deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



5. Skryf 'n vers neer wat vir jou 'n mooi verbeeldings prentjie vorm.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Skryf 'n karaktereienskap van God neer wat jy besef waar is soos wat jy vandag se Bybelgedeelte uit Genesis deurgelees het.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

**Dag 4** HANDELINGE 8

### Saulus vervolg die kerk

1Ook Saulus het hierdie moord goedgekeur.

Daardie dag het daar 'n hewige vervolging van die gemeente in Jerusalem begin. Al die gelowiges behalwe die apostels is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria. 2Godvresende mense het vir Stefanus begrawe en daar is baie oor hom gerou.

3Saulus het die kerk probeer uitroei. Hy het van huis tot huis gegaan, mans en vrouens laat uitsleep en hulle in die tronk laat sit.

### Die evangelie in Samaria

4Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig. 5So het dit gebeur dat Filippus by 'n stad in Samaria gekom het en Christus daar verkondig het. 6Toe die mense hoor wat Filippus verkondig en die wonders sien wat hy doen, het hulle aandagtig na sy prediking geluister. 7Onrein geeste het met groot geskreeu uit baie mense uitgegaan, en baie wat verlam en kreupel was, is gesond gemaak. 8Daar was groot blydskap in daardie stad.

9In dieselfde stad was daar 'n man met die naam Simon, wat die inwoners van Samaria met sy toorkunste verstom het. Hy het daarop aanspraak gemaak dat hy iets besonders is, 10en almal, klein en groot, het hom aangehang. Hulle het gesê: "Hy is wat ons 'Die Groot Krag van God' noem."

11Hy het 'n aanhang onder hulle gekry omdat hy hulle oor 'n lang tydperk met sy toorkunste verstom het. 12Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop. 13Selfs Simon het gelowig geword. Hy is gedoop en het Filippus oral vergesel. Hy was verstom oor die groot tekens en kragte wat hy sien gebeur het.

14Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samaria die woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus en Johannes daarheen gestuur. 15Dié het toe gegaan en vir die mense daar gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, 16want die Gees het nog nie op een van hulle gekom nie; hulle was net in die Naam van die Here Jesus gedoop. 17Die apostels het hulle die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.

18Toe Simon sien dat die mense die Gees ontvang as die apostels hulle die hande oplê, het hy hulle geld aangebied 19en gesê: "Gee my ook hierdie bevoegdheid sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang."

20Maar Petrus antwoord hom: "Gaan na die verderf met jou geld en al! Dink jy jy kan die gawe van God met geld koop? 21In hierdie werk is daar vir jou geen plek nie, want jou gesindheid teenoor God is nie reg nie. 22Bekeer jou van hierdie dwaling en bid tot die Here: miskien sal Hy jou hierdie gesindheid van jou hart vergewe. 23Ek sien jy is deur afguns vergiftig en deur die sonde verstrik."

24Toe sê Simon vir die apostels: "Bid júlle tog vir my tot die Here, sodat niks van wat julle gesê het, my tref nie."

25So het die apostels dan kragtig getuienis gelewer en die woord van die Here verkondig. Hulle het na Jerusalem toe

teruggegaan en onderweg die evangelie in baie dorpe van die Samaritane verkondig.

Filippus en die Etiopiër

26'n Engel van die Here het vir Filippus gesê: "Maak jou klaar en gaan teen die middag na die pad wat van Jerusalem af Gasa toe loop." Dit is 'n stil pad.

27Filippus het toe klaargemaak en gegaan.

'n Ontmande Etiopiër wat 'n hoë pos beklee het aan die hof van die kandake, soos die koningin van Etiopië genoem is, en wat haar geldsake beheer het, het na Jerusalem toe gekom om te aanbid. 28Hy was nou op pad terug en het op sy wa gesit en lees uit die profeet Jesaja. 29Toe sê die Gees vir Filippus: "Gaan loop saam met daardie wa."

30Filippus het daarheen gehardloop en gehoor dat die man uit die profeet Jesaja lees. Hy vra toe vir hom: "Verstaan u wat u lees?"

31Die Etiopiër antwoord: "Hoe sou ek kon as niemand dit vir my uitlê nie?"

Hy het Filippus gevra om op te klim en by hom te kom sit. 32Die Skrifgedeelte wat hy gelees het, was dit:

"Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word;

en soos 'n lam wat stil is as hy geskeer word,

het Hy nie sy mond oopgemaak nie.

33In sy vernedering het daar nie reg aan Hom geskied nie.

Wie sal van sy nageslag kan vertel?

Sy lewe op aarde word beëindig."

34Die amptenaar vra toe vir Filippus: "Sê vir my, asseblief, van wie praat die profeet hier, van homself of van iemand anders?"

35Filippus het by hierdie Skrifgedeelte begin en die evangelie oor Jesus aan hom verkondig.

36Onderweg kom hulle toe by water aan, en die amptenaar sê: "Hier is water. Wat verhinder dat ek gedoop word?"

38Toe het hy die wa laat stilhou. Filippus en die hofdienaar het albei in die water in gegaan, en Filippus het hom gedoop. 39Toe hulle uit die water kom, het die Gees van die Here vir Filippus weggeneem. Die amptenaar het hom nie meer gesien nie en het sy reis met blydskap voortgesit.

40Filippus is later in Asdod aangetref. Hy het daarvandaan deur al die dorpe gegaan totdat hy in Sesarea gekom het, en oral het hy die evangelie verkondig.

1. Kies een vers wat jy graag sal wil memoriseer of onthou vir altyd.

________________________________

________________________________

________________________________

2. Beklemtoon ('highlight') 'n belofte wat jy raaksien wat God aan jou/ Sy kinders gee.

3. Wat leer jy vanuit hierdie Bybelgedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

4. Onderstreep verse wat na Heilige Gees verwys.

5. Kan jy dink aan enige vraag waaroor jy wonder, wat jy graag sal wil vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het. Skryf dit hieronder neer.




___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Watter waarheid oor wie God (Jesus) is, word vir jou uitgebeeld in hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Watse voorbeeld van 'n Bybelkarakter in hierdie gedeelte kan jy ook nastreef om te volg?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 5 EKSODUS 17

## Water uit die rots

1Nadat die hele volk Israel uit die Sinwoestyn vertrek het, het hulle op bevel van die Here van plek tot plek gegaan totdat hulle by Refidim kamp opgeslaan het. Maar daar was geen water vir die volk om te drink nie. 2Toe het die volk met Moses rusie gemaak en gesê: “Gee jý vir ons water om te drink!”

En Moses antwoord hulle: “Waarom maak julle rusie met my? Waarom stel julle die geduld van die Here op die proef?”

3Maar die volk was dors en hulle het vir Moses verwyt: “Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom?”

4Daarna het Moses tot die Here geroep: “Wat moet ek met hierdie volk aanvang? Netnou gooi hulle my met klippe dood.”

5Toe sê die Here vir Moses: “Loop voor die volk verby en neem van die leiers van Israel saam. Vat ook die kierie waarmee jy op die Nyl se water geslaan het, en stap vooruit. 6Ek sal daar reg voor jou op die rots by Horeb staan. Dan moet jy teen die rots slaan, en daar sal water uitloop vir die volk om te drink.”

Moses het dit toe gedoen voor die oë van die leiers van Israel. 7Hy het die plek Massa en Meriba genoem omdat die Israeliete daar met Moses rusie gemaak het en ook omdat hulle die geduld van die Here op die proef gestel het toe hulle gesê het: “Is die Here by ons of nie?”

## Oorlog teen Amalek

8Toe die Amalekiete by Refidim teen Israel kom veg het, 9het Moses vir Josua gesê: “Kies vir ons manskappe en gaan veg môre teen die Amalekiete. Dan sal ek op die top van die heuwel gaan staan met die kierie wat God my gegee het, in my hand.”

10Josua het toe gedoen wat Moses vir hom gesê het en hy het teen die Amalekiete gaan veg. Moses, Aäron en Hur het tot op die top van die heuwel uitgeklim. 11Solank Moses sy hand opgehou het, was Israel die sterkste, en wanneer sy hand gesak het, die Amalekiete. 12Maar Moses se arms het begin moeg word. Hulle het toe 'n klip gevat en dit agter hom neergesit sodat hy daarop kon gaan sit. Aäron en Hur het sy arms van weerskante af ondersteun sodat sy arms regop gebly het tot sononder. 13Josua het die Amalekiete heeltemal verslaan. 14Daarna het die Here vir Moses gesê: “Skryf hierdie woorde op in 'n boek as 'n blywende herinnering en lees dit vir Josua voor: Ek wil die Amalekiete heeltemal van die aarde af verdelg.”

15Moses het 'n altaar gebou en dit genoem: “Die Here gee my die oorwinning.”

16Verder het Moses gesê:

“Dit is die gedenkteken vir die oorwinning wat die Here gee.

Die Here voer oorlog teen Amalek van geslag tot geslag.”

.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon (‘highlight’) Moses se woorde oral waar hy gepraat het.



3. Skryf 'n sin neer wat jy self kan saamstel, wat jy dink die tema of hart van die hele Skrifgedeelte dra.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

__________________________________

__________________________________

__________________________________

__________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou sê deur hierdie Bybelgedeelte?

__________________________________

__________________________________

__________________________________

__________________________________

6. Noem die effek (nagevolg) van sonde (ongehoorsaamheid aan God) wat hier voorkom.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

7. Hoe kan jy anders as enige van hierdie Bybekarakters optree, of dalk iets nuuts leer vanuit hulle foute.

Karakter: ____________________________

My optrede sal wees __________________

__________________________________

__________________________________

__________________________________

8. Skryf 'n waarheid neer van wie God is of 'n karkatereienskap van God wat jy vanuit die Bybelgedeelte agterkom.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

__________________________________



**Dag 6** 1 KORINTIËRS 10

### Waarskuwing teen afgodery

1Broers, ek wil julle daaraan herinner dat ons voorvaders almal onder die beskerming van die wolk was en almal veilig deur die see gegaan het. 2Omdat hulle almal vir Moses gevolg het, is hulle almal in die wolk en in die see gedoop. 3Almal het dieselfde geestelike voedsel geëet, 4en almal het dieselfde geestelike drank gedrink: hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle saamgegaan het. Die rots was Christus. 5Tog was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het in die woestyn omgekom.

6Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie. 7Julle moenie afgodsdienaars word nie, soos sommige van hulle oor wie daar geskrywe staan: "Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan en hulle aan uitspattighede oorgegee." 8Laat ons ook nie onsedelikheid pleeg nie, soos sommige van hulle onsedelikheid gepleeg het, en op een dag het daar drie en twintig duisend omgekom. 9Laat ons Christus nie uittart nie, soos sommige van hulle Hom uitgetart het, en hulle het deur slange omgekom. 10En moenie teen God in verset kom nie, soos sommige van hulle in verset gekom het, en hulle het deur die engel van die dood omgekom.

11Hierdie dinge het oor hulle gekom as 'n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons wat die einde van die tye al beleef. 12Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. 13Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.

14Daarom, my geliefdes, moet niks met die afgodsdiens te doen hê nie. 15Ek praat met julle as verstandige mense. Beoordeel self wat ek sê. 16Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? 17Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.

18Kyk maar hoe is dit by die Joodse volk. Kom daar dan nie gemeenskap tot stand tussen die offeraltaar en dié wat die offers eet nie? 19Wat wil ek hiermee sê? Dat 'n afgodsoffer of 'n afgod enige betekenis het? 20Nee, maar dat dié wat aan hulle offer, aan bose geeste offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê julle moet met bose geeste gemeenskap hou nie. 21Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van bose geeste nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van bose geeste nie. 22Of wil ons die Here uittart? Is ons miskien sterker as Hy?

### Alles tot eer van God

23Daar is mense wat sê:

"Alles is geoorloof."

Ja, maar nie alles is heilsaam nie.

"Alles is geoorloof," sê hulle.

Ja, maar alles is nie opbouend nie.

24'n Mens moet nie sy eie voordeel soek nie, maar dié van ander.

25Alles wat in 'n slaghuis verkoop word, kan julle eet sonder om ter wille van die gewete

navraag te doen, 26“want die aarde met alles wat daarop is, behoort aan die Here.”

27As 'n ongelowige julle uitnooi en julle besluit om te gaan, kan julle alles eet wat vir julle voorgesit word, sonder om ter wille van die gewete navraag te doen. 28Maar as iemand vir julle sê: “Die vleis is 'n afgodsoffer,” moet dit dan nie eet nie, ter wille van hom wat dit gesê het en ter wille van die gewete. 29Ek bedoel nou nie jou eie gewete nie, maar dié van die ander man.

“Waarom,” sou jy vra, “moet my vryheid beperk word deur 'n ander man se gewete? 30As ek iets met danksegging geniet, waarom word daar van my kwaadgepraat oor iets waarvoor ek God dank?”

31Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God. 32Moenie aanstoot gee nie, nie aan Jode of aan Grieke of aan die gemeente van God nie. 33Maak soos ek: ek probeer om almal in alles tegemoet te kom. Ek soek nie my eie belang nie maar dié van baie ander, sodat hulle gered kan word.

1. Onderstreep ‘n vers/e wat vir jou uitstaan.

2. Skryf ‘n vers/sin neer wat jy glo die hart van die Skrifgedeelte bevat.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

3. Kies ‘n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan rig of verander deur meer so te leef.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

4. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees het of weer opnuut van bewus geraak het? Skryf dit neer.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

5. Kies ‘n vers en verander dit in ‘n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed : __________________________

________________________________

________________________________


________________________________

6. Skryf ‘n waarheid oor God neer wat jy vanuit hierdie teks waarneem.

________________________________

________________________________

________________________________



**Dag 7** DANIËL 2

## Daniël verklaar die droom van Nebukadnesar

1In die tweede regeringsjaar van koning Nebukadnesar het hy 'n droom gehad wat hom so ontstel het dat hy nie kon slaap nie.

2Toe het hy die towenaars, die voorspellers, die goëlaars en die sterrekykers laat roep om sy droom vir hom uit te lê. Hulle het toe voor die koning kom staan 3en hy het vir hulle gesê: "Ek is ontsteld oor 'n droom wat ek gehad het en ek wil weet wat die droom beteken."

4Die sterrekykers het die koning in Aramees geantwoord: "Mag die koning baie lank lewe! Vertel ons die droom, dan sal ons dit vir u uitlê."

5Die koning sê toe vir die sterrekykers: "Ek het klaar besluit: as julle my nie die droom en sy uitleg kan gee nie, sal julle aan stukke gekap word en sal van julle huise puinhope gemaak word. 6Maar as julle die droom en sy uitleg gee, sal julle baie geskenke en groot eer van my ontvang. Gee my dus die droom en sy uitleg."

7Hulle sê toe weer vir die koning: "U Majesteit moet die droom vir ons vertel, dan sal ons dit uitlê."

8Toe sê die koning: "Ek weet goed julle wil net tyd wen omdat julle sien ek het klaar besluit 9dat as julle die droom nie uitlê nie, daar vir julle net een straf voorlê! Daarom het julle afgespreek om vir my 'n klomp leuens te vertel totdat die omstandighede mag verander. Vertel vir my die droom dat ek kan weet of julle sy uitleg kan gee."

10Die sterrekykers het die koning geantwoord: "Daar is geen mens op aarde wat aan u eis kan voldoen nie. Geen koning, hoe groot of magtig hy ook mag wees, het dan ook al so iets van enige towenaar, voorspeller of sterrekyker verwag nie. 11Wat u vra, is te moeilik, daar is niemand wat dit vir u kan doen nie, behalwe die gode, en hulle woon nie onder die mense nie."

12Toe het die koning woedend geword en opdrag gegee om al die koninklike raadgewers van Babel om die lewe te bring. 13Daar is toe 'n proklamasie uitgevaardig dat die koninklike raadgewers doodgemaak moet word. Ook Daniël en sy vriende is gesoek om doodgemaak te word.

14Daniël het toe versigtig navraag gedoen by Arjok, die hoof van die koning se lyfwag, wat op pad was om die koninklike raadgewers dood te maak.

15Hy het vir Arjok, die offisier van die koning, gevra waarom die proklamasie van die koning so genadeloos is, en Arjok het dit vir hom verduidelik. 16Daniël het na die koning toe gegaan en uitstel gevra om die uitleg aan die koning te kan gee.

17Daarna is Daniël huis toe en het hy vir sy vriende Gananja, Misael en Asarja vertel wat aan die gang is 18en hulle gevra om die God van die hemel om genade te smeek oor die geheim van die droom sodat Daniël en sy vriende nie saam met die ander koninklike raadgewers doodgemaak sou word nie. 19Toe is die geheim aan Daniël geopenbaar in 'n nagtelike visioen, en Daniël het die God van die hemel geprys. 20Daniël het gesê:

"Mag die Naam van God altyd geprys word,

Hy aan wie die wysheid en die mag behoort,

21Hy wat tye en omstandighede verander,
wat konings afsit en konings aanstel,

wat aan die wyse manne die wysheid gee en die verstand aan dié wat insig het,

22wat ondeurgrondelike en verborge dinge openbaar en wat weet wat in die duisternis is; by Hom is die lig.

23Ek loof en prys U, God van my voorvaders, omdat U aan my wysheid en mag gegee het. U het aan my bekend gemaak wat ons van U gevra het, U het aan ons bekend gemaak wat om aan die koning te sê.”

24Toe is Daniël na Arjok toe vir wie die koning beveel het om die koninklike raadgewers dood te maak, en hy het vir hom gesê: “Moenie die koninklike raadgewers doodmaak nie. Vat my na die koning toe, en ek sal sy droom vir hom uitlê.”

25Arjok het toe dadelik vir Daniël na die koning toe gevat en gesê: “Ek het iemand onder die Judese ballinge gekry wat die droom vir die koning kan uitlê.”

26Die koning het toe vir Daniël, wat Beltsasar genoem is, gevra: “Kan jy vir my sê wat die droom is wat ek gehad het en wat sy uitleg is?”

27Daniël het die koning geantwoord: “Die raadgewers, die voorspellers, die towenaars en die sterrekykers is nie in staat om die droom waaroor u navraag doen, vir u te vertel nie. 28Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime kan openbaar en wat aan u, koning Nebukadnesar, wil bekend maak wat in die toekoms gaan gebeur. In u slaap het u 'n droom, 'n visioen gehad. 29Toe u gaan slaap het, het u gedink oor wat in die toekoms sal gebeur, en Hy wat geheime kan openbaar, het aan u bekend gemaak wat gaan gebeur. 30Dit is nie omdat ek meer wysheid het as ander mense dat hierdie geheim aan my geopenbaar is nie, maar omdat die uitleg aan u bekend moet word sodat u 'n antwoord kan kry op die vrae waaroor u gedink het.

31“U het 'n visioen gehad. Daar was 'n groot beeld. Dit was hoog en het baie geblink. Dit het voor u gestaan, iets skrikwekkends. 32Die beeld se kop was van suiwer goud, sy bors en sy arms van silwer, sy maag en sy heupe van brons. 33Sy bene was van yster en sy voete deels van yster en deels van klei. 34Toe u nog so kyk, breek daar 'n klip los sonder dat 'n hand daaraan geraak het en dit tref die beeld teen die voete van yster en klei en verpletter dit. 35Die yster, die klei, die brons, die silwer en die goud is alles fyn gestamp en het geword soos kaf op die dorsvloere wat in die oestyd deur die wind weggewaai word, sodat geen spoor daarvan oorbly nie. Die klip waardeur die beeld getref is, het 'n groot rots geword en het die hele aarde bedek. 36Dit is die droom, en nou sal ek dit vir u uitlê.

37“U is die groot koning; die God van die hemel het aan u die heerskappy, die krag en die mag en die eer gegee. 38Hy het die hele bewoonde wêreld, die mense, die wilde diere en die voëls in u mag gegee en u die heerser oor hulle almal gemaak. U is die kop van goud. 39Ná u sal 'n ander koninkryk na vore kom wat nie so belangrik as dié van u sal wees nie, en daarna 'n derde, die een van brons wat oor die hele wêreld heerskappy sal voer. 40Die vierde koninkryk sal so sterk wees soos yster. Yster vergruis alles en stamp dit fyn. Soos yster wat alles vergruis, so sal dié koninkryk die ander fyn stamp en vergruis. 41Die voete en tone, deels klei en deels yster, wat u gesien het, wys op 'n koninkryk wat verdeeld sal wees. Dit sal iets van die sterkte van yster hê, want soos u gesien het, is daar yster tussen die

klei. 42Die tone en voete, deels van yster en deels van klei, wys dat die koninkryk deels sterk, deels swak sal wees. 43Dat u gesien het dat die yster met klei gemeng is: daar sal ondertrouery tussen die mense wees, maar hulle sal nie 'n eenheid word nie, net soos yster nie met klei meng nie. 44In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie. Hierdie koninkryk sal nie deur 'n ander vervang word nie. Dit sal die ander koninkryk plat trap en vernietig, maar self sal dit vir altyd bestaan. 45En dat u 'n klip uit 'n rots sien losbreek het sonder dat 'n hand daaraan geraak het en dit die yster, die brons, die klei, die silwer en die goud verpletter het: God wat magtig is, het aan u bekend gemaak wat in die toekoms gaan gebeur. Die droom is waar en oor die uitleg is daar geen twyfel nie."

46Toe het koning Nebukadnesar diep voor Daniël gebuig, aan hom eer betoon en opdrag gegee dat daar 'n graanoffer en 'n wierookoffer aan hom geoffer moet word.

47Die koning het vir Daniël gesê: "Werklik, julle God is die grootste van al die gode, Hy heers oor die konings en Hy openbaar geheime, want jy kon hierdie geheim bekend maak."

48Die koning het hoë eer aan Daniël betoon, vir hom baie en groot geskenke gegee en hom aangestel as goewerneur van die hele provinsie Babel en as hoof van al die koninklike raadgewers. 49Op versoek van Daniël het die koning vir Sadrag, Mesag en Abednego in beheer geplaas van die administrasie van die provinsie Babel. Maar Daniël self het in die paleis gebly.



1. Onderstreep 'n vers of twee vanuit die Skrifgedeelte, wat met jou aandag getrek het terwyl jy daardeur gelees het.

2. Oor wat wonder jy soos wat jy deur die teksgedeelte gelees het? Skryf dit neer.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

______________________________________

3. Skryf 'n belofte neer wat jy sien God aan Sy kinders gee vanuit die verse.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

______________________________________

4. Watter optrede of karaktereienskap van Daniël is vir jou mooi? Verduidelik hoekom jy so së.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

______________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

6. Trek ‘n sikel om die vers(e) wat vir jou interessant is.

7. Watter waarheid oor wie God is leer jy vanuit hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

8. Herskryf ‘n vers wat vir jou ‘n maklike visuele beeld (verbeeldingsprentjie) vorm wanneer jy dit lees.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 8 EFESIËRS 5

1Omdat julle kinders van God is en Hy julle
liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. 2Lewe
in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en
om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee
het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was.

3Soos dit gelowiges betaam, moet daar van
ontug, onsedelikheid in enige vorm, of
gierigheid onder julle selfs geen sprake
wees nie. 4Growwe, ligsinnige of vuil
praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan
God pas by julle. 5Dít moet julle goed besef:
iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of
'n gierigaard is – want gierigheid is afgodery
– het nie deel aan die koninkryk van
Christus en van God nie.

### Lewe as mense van die lig

6Moenie dat iemand julle met allerlei
onwaarhede mislei nie, want daardeur kom
die straf van God oor die mense wat aan
Hom ongehoorsaam is. 7Met sulke mense
moet julle niks te doen hê nie. 8Vroeër was
julle die ene duisternis, maar nou in die
Here is julle lig. Leef dan as mense van die
lig. 9Uit die lig kom alles voort wat goed en
reg en waar is. 10Vra julle voortdurend af of
iets vir die Here aanneemlik is, 11en
moenie meedoen aan die vrugtelose
praktyke van die duisternis nie, maar stel dit
eerder aan die kaak. 12Dit is 'n skande om
selfs te praat oor die dinge wat die
ongehoorsame mense in die geheim
doen. 13Maar alles word aan die kaak
gestel wanneer die lig daarop val. 14En as
iets bekend geword het, is dit in die lig.
Daarom sê die lied:

"Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit
die dood; en Christus sal jou lewe verlig."

15Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie
soos onverstandige mense nie, maar soos
verstandiges. 16Maak die beste gebruik van
elke geleentheid, want ons lewe in 'n
goddelose tyd. 17Moet daarom nie
onverstandig optree nie, maar probeer te
wete kom wat die Here wil dat julle moet
doen.

18Moet julle nie aan drank te buite gaan
nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard.
Nee, laat die Gees julle vervul, 19en sing
onder mekaar psalms, lofgesange en ander
geestelike liedere; sing met julle hele hart
tot eer van die Here. 20Dank God die Vader
altyd oor alles in die Naam van ons Here
Jesus Christus.

### Man en vrou

21Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar
onderdanig.

22Vrouens, wees aan julle mans
onderdanig, net soos julle aan die Here
onderdanig is. 23Die man is die hoof van die
vrou, soos Christus die hoof van die kerk is.
Christus is ook die Verlosser van die
liggaam, sy kerk. 24Soos die kerk aan
Christus onderdanig is, moet die vrouens in
alles aan hulle mans onderdanig wees.

25Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos
Christus die kerk liefgehad en sy lewe
daarvoor afgelê het. 26Dit het Hy gedoen
om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met
die water en die woord gereinig
het, 27sodat Hy die kerk in volle heerlikheid
by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of
iets dergeliks, heilig en onberispelik. 28Die
mans behoort hulle vrouens so lief te hê
soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet,
het homself lief, 29want niemand het nog
ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel,
kerk doen 30omdat dit sy liggaam is,
waarvan ons lede is.

31Daar staan in die Skrif: "Daarom sal 'n
man sy vader en moeder verlaat en saam
met sy vrou lewe, en hulle twee sal een
wees." 32Hierin lê daar 'n diep geheimenis
opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en
die kerk. 33Maar dit is ook op julle van
toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê
soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan
haar man eerbied betoon.

.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat jou oog vang.

2. Beklemtoon (highlight) verse wat verwys na Heilige Gees se werking wat jy vanuit die teks raaklees.

3. Skryf 'n sin of twee neer waar jy die inligting van die Skrifgedeelte van vandag, saamvat of opsom.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

5. Wat voel jy wil God vir jou leer of sê deur hierdie Bybel gedeelte?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

6. Het jy iets nuuts raakgelees of van bewus geword terwyl jy deur die verse gelees het?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

7. Skryf 'n vers of sin vanuit die verse neer wat jy wil memoriseer of onthou vir altyd.

______________________________

______________________________

______________________________



# Dag 9 SPREUKE 10

1Spreuke van Salomo.

'n Wyse seun maak sy vader en moeder bly;

'n dwase seun maak hulle hartseer.

2Goed wat deur onreg bekom is, bring geen voordeel nie; om te lewe volgens die wil van God, red 'n mens van die dood.

3Die Here laat die mens wat reg doen, nie honger ly nie, die Here laat die begeerte van dié wat verkeerd doen, nie bevredig word nie.

4'n Mens wat nie sy hande uit sy mou steek nie, word arm; dit is vlyt wat ryk maak.

5Die verstandige mens samel sy oes in as dit ryp is; 'n mens wat die oestyd deur slaap, verdien veragting.

6Die regverdige word geseën. Daar steek geweld agter die mooi woorde van die goddeloses.

7Die nagedagtenis van dié wat reg doen, leef voort; die naam van dié wat verkeerd doen, word gou vergeet.

8Die mens met verstand aanvaar bevele. Wie aanhou onsin praat, kom tot 'n val.

9Wie opreg leef, leef sonder vrees; wie krom paaie loop, word uitgevind.

10Wie sy oë sluit vir die waarheid, veroorsaak smart; en wie aanhou onsin praat, kom self tot 'n val.

11Die woorde van die regverdige bring lewe en geluk; agter die mooi woorde van die goddeloses steek daar geweld.

12Haat verwek twis; liefde bedek alles wat aanstoot gee.

13Daar is wysheid in die woorde van een wat insig het; slae is vir dié wat nie hulle verstand gebruik nie.

14Wyse mense loop nie te koop met hulle kennis nie; as 'n dwaas sy mond oopmaak, is sy ondergang naby.

15Die rykdom is die ryke se veilige vesting; die armoede is die arme se ondergang.

16Die regverdige ontvang die lewe as beloning; die goddelose oes net straf.

17Wie hom laat leer, ken die pad na die lewe; wie teregwysing verwerp, dwaal van dié pad af.

18Agter die woorde van 'n huigelaar sit daar haat; wie skinderstories versprei, is 'n dwaas.

19Met baie praat bly die sonde nie uit nie; wie sy woorde tel, is verstandig.

20Die woorde van die regverdige is die fynste silwer werd; die gedagtes van die goddelose is min werd.

21Met wat die regverdige sê, sorg hy vir baie; 'n dwaas gebruik nie sy verstand nie en bring die dood oor homself.

22Dit is die seën van die Here wat rykdom bring; jou geswoeg laat dit nie meer word nie.

23Die dwaas geniet dit om hom skandalig te gedra, maar die mens met insig geniet die wysheid.

24Wat die goddelose vrees, kom hom oor; wat die regverdige begeer, gee God hom.

25As die stormwind kom, is die goddelose daarmee heen, maar die regverdige bly altyd staan.

26Soos asyn teen die tande, soos rook in die oë, so is 'n lui mens vir iemand wat hom 'n opdrag gee.

27Wie die Here dien, lewe lank; wie sonder Hom lewe, se lewensjare is min.

28Vir die regverdiges lê daar vreugde voor; die goddeloses het geen toekoms nie.

29Om te leef soos die Here dit wil, is die krag van die opregte; vir dié wat onreg doen, wag daar ondergang.

30Die regverdige wankel nooit, die goddeloses sal nie die land bly bewoon nie.

31Daar kom wysheid uit die mond van die regverdige, 'n tong wat kwaad stig, sal uitgesny word.

32Die regverdige weet om die gepaste ding te sê; die goddeloses stig kwaad met wat hulle sê.

1. Kleur 'n vers in wat vir jou uitstaan ('highlight').

2. Wat dink jy was Salomo, die Spreukeskrywer ,se hoofdoel toe hy hierdie gedeelte neergeskryf het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Kies 'n vers of sin wat 'n lewenswaarheid vanuit God se hart aan Sy kinders beskryf.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Skryf 'n vers neer wat vir jou beslis waar is - iets wat jy al ervaar het, en van kan getuig dat dit waarheid dra in kinders van God se lewe.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________


5. Wat het jy nuut geleer of net weer besef soos wat jy deur die teksgedeelte gelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________



## Dag 10

MATTEUS 2

### Besoek uit die ooste

1Jesus is in Betlehem in Judea gebore
tydens die regering van koning Herodes. Na
Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit
die ooste in Jerusalem aangekom 2en
gevra: “Waar is Hy wat as koning van die
Jode gebore is? Ons het sy ster sien opkom
en ons het gekom om aan Hom hulde te
bewys.”

3Toe koning Herodes hiervan hoor, was hy,
en die hele Jerusalem saam met hom,
hewig ontsteld. 4Hy het toe die
priesterhoofde en die skrifgeleerdes van die
volk bymekaar geroep en hulle uitgevra oor
waar die Christus gebore sou word. 5Hulle
het hom geantwoord: “In Betlehem in
Judea, want so is dit deur 'n profeet
geskrywe:

6“En jy, Betlehem, gebied van Juda,

jy is beslis nie die kleinste onder die leiers
van Juda nie.

Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my volk
Israel 'n herder sal wees. ”

7Daarna het Herodes die sterrekykers in die
geheim ontbied en noukeurig by hulle
vasgestel wanneer die ster verskyn het. 8Hy
het hulle na Betlehem toe gestuur met die
woorde: “Gaan doen noukeurig ondersoek
na die Kindjie, en as julle Hom kry, laat my
weet, sodat ek ook aan Hom hulde kan gaan
bewys.”

9Nadat hulle die koning aangehoor het, het
hulle vertrek; en kyk, die ster wat hulle sien
opkom het, het hulle gelei totdat dit gaan
staan het bo die plek waar die Kindjie
was. 10Toe hulle die ster sien, was hulle
baie bly. 11Hulle het in die huis ingegaan en
die Kindjie saam met Maria, sy moeder,
gesien, en hulle het gekniel en aan Hom
hulde bewys. Daarna het hulle hulle
reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke
uitgehaal: goud, wierook en mirre. 12En
omdat God hulle in 'n droom gewaarsku het
om nie na Herodes toe terug te gaan nie,
het hulle met 'n ander pad na hulle land toe
teruggegaan.

### Die vlug na Egipte toe

13Nadat hulle vertrek het, het daar 'n engel
van die Here in 'n droom aan Josef verskyn
en gesê: “Staan op, neem die Kindjie en sy
moeder en vlug na Egipte toe en bly daar
totdat ek jou sê om terug te kom, want
Herodes is van plan om die Kindjie te soek
en Hom dood te maak.”

14Josef het toe opgestaan en in die nag die
Kindjie en sy moeder geneem en na Egipte
toe vertrek 15en daar gebly tot die dood
van Herodes. So is vervul wat die Here deur
'n profeet gesê het: “Uit Egipte het Ek my
Seun geroep.”

### Die kindermoord

16Toe Herodes agterkom dat die
sterrekykers hom in die steek gelaat het, het
hy woedend geword. Hy stuur toe soldate
en laat in Betlehem en die hele omgewing
al die seuntjies van twee jaar en jonger
doodmaak, ooreenkomstig die tyd wat hy
noukeurig by die sterrekykers uitgevra
het. 17Toe is die woord vervul wat die Here
deur die profeet Jeremia gesê het:

18“'n Gekerm word op Rama gehoor,

'n gehuil en groot gejammer:

Ragel treur oor haar kinders

en wil nie getroos word nie,

omdat hulle nie meer daar is nie.”

## Die terugkoms uit Egipte

19Na die dood van Herodes verskyn daar 'n
engel van die Here in 'n droom aan Josef in
Egipte 20en sê: "Staan op, neem die Kindjie
en sy moeder en gaan terug na die land van
Israel toe, want die mense wat die Kindjie
se lewe gesoek het, is dood."

21Josef het toe opgestaan, die Kindjie en sy
moeder geneem en na die land van Israel
toe teruggegaan. 22Toe hy egter verneem
dat Argelaos in die plek van sy vader
Herodes oor Judea regeer, was Josef bang
om daarheen te gaan. Nadat God hom in 'n
droom 'n aanwysing gegee het, is hy na die
landstreek Galilea toe. 23Daar aangekom,
het hy gaan woon in 'n dorp met die naam
Nasaret. So is vervul wat deur die profete
gesê is: Hy sal Nasarener genoem word.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon (highlight) die dele waar daar deur engele gepraat of opdragte gegee is.

3. Wat dink jy wil God vandag vir jou nuut leer of së vanuit hierdie verse?

4. Noem 'n paar mense wat God gebruik het tydens Jesus se geboorte en grootwordjare, wat 'n bevestigende rol gespeel het in God se plan vir Sy lewe.

5. Skryf 'n vraag neer waaroor jy wonder nadat jy die verse deurgelees het.

6. Waar sou jy graag deel wou wees van die gebeure in vandag se Skrifgedeelte, as jy kon kies. Veruidelik hoekom.



## Dag 11 JONA 4

### Het jy rede om kwaad te word?

1Hieroor was Jona baie ontevrede en hy het
baie kwaad geword. 2Hy het tot die Here
gebid en gesê: "Ag, Here, ek het dit geweet
toe ek nog in my land was. Daarom het ek
reg in die begin na Tarsis toe gevlug. Ek het
geweet U is 'n genadige en barmhartige
God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik
af van die straf wat U aangekondig het.

3"Laat ek nou maar sterf, Here, want dit is
vir my beter om te sterf as om te lewe."

4Toe vra die Here vir hom: "Het jy rede om
kwaad te word?"

5Jona is toe uit die stad uit. Hy het oos van
die stad gaan sit en vir hom 'n skerm gebou.
Hy het daaronder in die skaduwee gaan sit
om te sien wat in die stad gebeur.

6Toe laat die Here God 'n komkommerplant
opkom, en dit het bo-oor Jona gerank om
skaduwee te gee vir sy kop en om hom van
sy misnoeë te bevry. Jona was baie bly oor
die komkommerplant.

7Die volgende môre met dagbreek laat God
toe 'n wurm kom, en dit het aan die
komkommerplant gevreet, sodat dit
verdroog het. 8Toe die son opkom, het God
'n skroeiende sterk wind uit die ooste laat
waai. Die son het vir Jona op sy kop gesteek,
en hy het baie swak geword en gewens om
maar liewer te sterf. Hy het gesê: "Dit is vir
my beter om te sterf as om te lewe."

9Toe vra God vir Jona: "Het jy rede om
kwaad te word oor die komkommerplant?"
en Jona antwoord: "Ek het rede genoeg: ek
is besig om te sterf!"

10Die Here het vir Jona gesê: "Jy is besorg
oor die komkommerplant waarvoor jy nie
gewerk het nie en wat jy nie versorg het nie.
Dit het oornag opgekom en oornag is dit
dood. 11Maar Ek mag nie besorg wees oor
die groot stad Nineve nie, 'n stad waarin
daar meer as honderd en twintig duisend
mense is wat nie weet wat reg of verkeerd
is nie, en ook nog baie diere?"

1. Omkring 'n woord of twee wat jou oog vang vanuit die Bybelgedeelte.


2. Beklemtoon ('highlight') 'n vraag wat God aan Jona gevra het en aan elke mense kan vra vanuit vandag se Skrifgedeelte.

3. Wat dink jy wil God vir jou leer uit Jona se optrede nadat jy hierdie Bybelgedeelte deurgelees het?

4. Watter karaktereienskap(pe) van God kom sterk na vore in die verse soos jy daardeur gelees het?

5. Is daar moontlik 'n aanpassing in jou lewe of geloof wat jy moet maak, sodat jy meer sal leef soos wat God in hierdie verse vir jou leer/vra?

6. Waaroor wonder jy terwyl jy so deur die verse van vandag se Bybelgedeelte lees… Skryf 'n vraag neer wat jy vir God sal wil vra.



7. Hoe sou jy anders of dieselfde as Jona opgetree het? Verduidelik jou antwoord.



## Dag 12 FILIPPENSE 3

### Die ware geregtigheid

1Verder, my broers, wees bly in die Here! Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie, en vir julle gee dit sekerheid.

2Pas op vir daardie dwaalleraars;

pas op vir daardie mense wat kwaad stig;

pas op vir daardie betekenislose besnydenis!

3Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie. 4Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: 5ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, 6in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik.

7Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, 8ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry 9en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. 10Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, 11in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

12Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het. 13Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. 14Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.

15Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê. En as julle in enige opsig anders daaroor dink – God sal ook hierin aan julle die regte insig gee. 16In elk geval, laat ons koers hou op die pad waarmee ons tot hiertoe gekom het.

17Wees my navolgers, broers, en let op die mense wat lewe volgens die voorbeeld wat ons vir julle stel. 18Ek het dikwels vir julle gesê en tot my verdriet moet ek dit nou herhaal: Daar is baie wat as vyande van die kruis van Christus lewe. 19Die verderf is hulle einde; die maag is hulle god; hulle skande is hulle trots; hulle is aardsgesind. 20Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. 21Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vandag jou aandag trek.

2. Beklemtoon (highlight) die dele wat iets beskryf of së oor Jesus/God.

3. Som die hele gedeelte van vandag in 'n sin of twee op in jou eie woorde.

4. Het jy 'n vraag nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig die antwoord te hê hierop nie).

5. Wat dink jy wil God vir jou leer of bewus van maak deur hierdie Bybelgedeelte?

6. Skryf 'n goeie rigtingwyser(s) vir jou lewe neer, wat Paulus hier noem, wat jy graag sal wil navolg.



7. Herskryf 'n woord/de wat Paulus herhaal in die stuk.

# Dag 13 **GENESIS 2**

1Die hemel en alles daarin is voltooi en ook die aarde en alles daarop. 2Op die sewende dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het. 3Hy het die sewende dag as gereelde rusdag geheilig, want op daardie dag het Hy gerus na al die skeppingswerk wat Hy gedoen het.

4Dit dan is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is.

### Die mens in die tuin

Toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het, 5was daar nog nie enige struike op die aarde nie en het daar ook nog nie enige groenigheid opgeskiet nie, want die Here God het dit nog nie op die aarde laat reën nie, en daar was nog nie 'n mens om die grond te bewerk nie. 6Daar het water uit die aarde uit opgekom en al die grond nat gemaak. 7Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.

8Die Here God het toe 'n tuin in Eden in die ooste aangelê en die mens wat Hy gevorm het, daar laat woon. 9Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit die grond laat uitspruit, ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van alle kennis.

10Daar het 'n rivier in Eden ontspring om die tuin nat te maak, en van daar af het dit verdeel en vier riviere geword. 11Die eerste rivier is die Pison en dit loop rondom die hele Gawila, waar daar goud is. 12Die goud van daardie land is suiwer. Daar is ook balsem en oniks. 13Die tweede rivier is die Gihon en dit loop rondom die hele Kus. 14Die derde is die Tigris wat oos van Assirië verbyloop, en die vierde is die Eufraat.

15Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas. 16Die Here God het die mens beveel: "Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, 17maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy."

18Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."

19Die Here God het toe uit grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees.

20Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke, gekry nie. 21Toe het die Here God 'n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, 22en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe.

23Toe sê die mens:

"Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek.

Daarom sal sy 'vrou' genoem word;

sy is uit die man geneem."

24Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.

25Hulle twee, die mens en sy vrou, was kaal, maar hulle was nie skaam nie.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') die opdragte wat God aan Sy kinders (die mens) gee toe Hy hulle geskep het.

3. Skryf 'n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer ('n prentjie van te maak).

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

5. Wat voel jy, wil God vir jou sê deur hierdie Bybelgedeelte?

6. Hoe dink jy het God se hart gevoel toe hierdie skeppinsgebeure plaasgevind het?

7. Wat het jy opnuut besef of raakgelees wat jy al vergeet of dalk vir die eerste keer besef het?



# Dag 14 KOLOSSENSE 3

## Julle is saam met Christus uit die dood opgewek

1Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. 2Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, 3want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. 4Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel.

## Die ou en die nuwe lewe

5Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is. 6Deur sulke dinge kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. 7Vroeër het julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. 8Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, 9en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek 10en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God. 11Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.

12Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. 15En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. 16Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. 17En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

## Wedersydse verhoudings

18Vrouens, wees aan julle mans onderdanig soos dit pas by mense wat in die Here glo.

19Mans, julle moet julle vrouens liefhê, moenie die lewe vir hulle bitter maak nie.

20Kinders, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo.

21Vaders, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie.

22Slawe, wees in alles gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde. Moenie net werk om deur hulle raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie, maar werk met 'n opregte hart uit eerbied vir die Here. 23Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, 24omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan. 25Wie onreg doen, sal gestraf word

oor die onreg wat hy gedoen het; die Here trek niemand voor nie.

1. Verhelder 'n vers of twee in kleur wat vir jou uitstaan en met jou aandag trek.

2. Skryf 'n vers of sin neer, wat jy glo die hele Skrifgedeelte opsom.


3. Wat kom jy vir die eerste keer agter of besef jy opnuut nadat jy hierdie stuk deurgelees het?


4. Waarop dink jy wil God jou aandag fokus of vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

5. Trek 'n sirkel om die verse wat waarhede oor jou as NUWE MENS beskryf.

6. Verduidelik hoe 'n NUWE MENS (mens wat Jesus in sy hart en lewe ingenooi het), se lewe anders lyk as iemand wat nog 'n 'ou mens'- leefstyl leef.

7. Noem een brokkie goeie raad wat Paulus hier noem aan iemand wat Jesus as verlosser aangeneem het. Hoekom is hierdie raad vir jou belangrik of kosbaar?





# Dag 15 PSALMS 43

**Stuur u lig en u waarheid**

1Laat tog reg aan my geskied, o God,
behartig tog my saak teen 'n godlose bende,
red my van vals en misdadige mense.
2Net U is my skuiling, my God;
waarom verstoot U my dan?
Waarom moet ek gebuk gaan
onder die smaad van die vyand?
3Stuur u lig en u waarheid dat dié my lei
en my bring na u heilige berg,
na u woning!
4Laat my ingaan na die altaar van God,
die God oor wie ek wil jubel en juig,
dat ek U kan loof met die lier,
o God, my God!
5Waarom is ek so in vertwyfeling
en waarom kerm ek so?
Vertrou op God!
Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing.
Hy is my helper en my God!

1. Onderstreep ‘n sin/ne wat met jou hart gesels / vir jou mooi is.

2. Beskryf in jou eie woorde, wat jy dink die Psalmskrywer se hoof rede was, terwyl hy hierdie Psalm neergeskryf het.

3. Skryf ‘n vers neer, wat ‘n waarheid bevat oor God, vir elkeen van Sy kinders (wie Hy is vir jou).

4. Skryf ‘n mooi karaktereienskap(pe) van God neer wat jy opmerk in hierdie Skrifgedeelte.

5. Wat besef jy opnuut vandag vanuit Psalm 43, nadat jy dit deurgelees het?



**Dag 16** 1 SAMUEL 9

### Saul word tot koning gesalf

1Daar was 'n man uit Benjamin. Sy naam
was Kis, en hy was 'n seun van Abiël seun
van Seror, seun van Bekorat, seun van Afiag.
Hy was 'n Benjaminiet en 'n ryk man. 2Hy
het 'n seun gehad met die naam Saul en dié
was sterk en mooi; onder die Israeliete was
daar niemand mooier as hy nie. Hy was 'n
kop langer as enige van sy volksgenote.

3Toe daar op 'n keer donkies van Kis, Saul se
pa, weggeraak het, het hy vir sy seun Saul
gesê: "Vat een van die slawe saam, maak
klaar en gaan soek die donkies."

4Hulle het die Efraimsberge deurkruis; hulle
het die Salisastreek ook deurkruis, maar
niks gekry nie. Hulle het die Saälimgebied
deurkruis, maar daar was niks. Hulle het toe
die Jeministreek deurkruis en ook niks gekry
nie. 5Toe hulle in die Sufgebied kom, het
Saul vir die slaaf by hom gesê: "Kom ons
gaan terug, anders vergeet my pa van die
donkies en raak bekommerd oor ons."

6Die slaaf sê toe vir Saul: "Nee, wag! In
hierdie stad is 'n man van God. Dié man
geniet hoë aansien. Alles wat hy sê, gebeur
net so. Kom ons gaan soontoe. Dalk kan hy
vir ons sê waar om te soek."

7Saul sê toe vir sy slaaf: "Nou goed, kom ons
gaan, maar wat sal ons vir die man
saamvat? Die brood in ons sakke is al op.
Ons het ook nie 'n geskenk om vir die man
van God te gee nie. Wat het ons?"

8Die slaaf het vir Saul geantwoord: "Wag!
Ek het 'n drie gram silwer by my. Ek sal dit
aan die man van God gee sodat hy vir ons
kan sê waar om te soek."

9Vroeër, wanneer iemand gegaan het om
God te raadpleeg, is daar in Israel gesê:
"Kom ons gaan na die siener toe." Die
profeet van vandag is vroeër siener
genoem.

10Saul het vir sy slaaf gesê: "Dis 'n goeie
plan. Kom ons gaan."

Hulle het na die stad toe gegaan waar die
man van God was. 11Terwyl hulle die
opdraand na die stad toe opgaan, het hulle
meisies teëgekom wat gaan water skep het,
en vir hulle gevra: "Is die siener hier?"

12Hulle het geantwoord: "Hy is daar in die
stad voor u. Maak gou! Hy het vandag na
hierdie stad toe gekom, want die volk bring
vandag 'n offer op die hoogte. 13Wanneer
julle die stad binnegaan, sal julle hom kry
net voor hy na die hoogte toe opgaan om te
eet. Die mense eet nie voor hy gekom het
nie, want hy moet die offer seën. Daarna
eet die genooides. Gaan dadelik, want julle
sal hom nou daar kry."

14Hulle is na die stad toe en toe hulle die
stad ingaan, kom Samuel juis in hulle rigting
om na die hoogte toe op te gaan.

15'n Dag voor die koms van Saul het die
Here vertroulik aan Samuel
geopenbaar: 16"Môre teen hierdie tyd sal
Ek 'n man uit die gebied van Benjamin na
jou toe stuur. Jy moet hom tot regeerder
oor my volk Israel salf. Hy sal my volk red uit
die mag van die Filistyne, want Ek het op my
volk ag geslaan. Ja, hulle hulpgeroep het My
bereik."

17Net toe Samuel vir Saul sien, het die Here
vir hom gesê: "Dit is die man van wie Ek jou
gesê het hy sal oor my volk regeer."

18Saul het vir Samuel in die poort
teëgekom en vir hom gesê: "Sê my asseblief
waar is die huis van die siener."

19Samuel sê toe vir Saul: "Ek is die siener.
Gaan saam met my na die hoogte toe. Julle
moet vandag saam met my gaan eet.
Môreoggend sal ek jou laat gaan. Oor alles
wat jou kwel, sal ek jou inlig. 20Jou donkies
is vandag al drie dae weg. Jy moet jou egter
nie oor hulle bekommer nie, want hulle is
gekry. Maar aan wie behoort die kosbaarste
goed in die hele Israel? Is dit nie aan jou en
jou hele familie nie?"

21En Saul antwoord: "Ek is maar net 'n
Benjaminiet, uit die swakste stam van Israel.
Boonop is my familie die kleinste in die stam
Benjamin! Waarom praat u so met my?"

22Samuel het Saul en sy slaaf saamgevat en
hulle na die eetplek toe gebring. Hy het
hulle 'n ereplek onder die genooides gegee.
Daar was omtrent dertig man.

23Samuel het vir die kok gesê: "Bring die
deel wat ek aan jou gegee het en waarvan
ek gesê het: Sit dit eenkant."

24Die kok het die boud vleis gevat en voor
Saul neergesit, en Samuel het vir hom gesê:
"Dit is wat uitgehou is. Eet wat voor jou
neergesit is, want vir hierdie geleentheid is
dit vir jou gebêre toe ek die mense genooi
het."

So het Saul dan daardie dag saam met
Samuel geëet.

25Daarna het hulle van die hoogte af na die
stad toe gegaan. En Samuel het met Saul op
die huis se dak gepraat. 26Die volgende
môre het hulle vroeg opgestaan. Toe die
rooidag uitkom, het Samuel al na Saul op
die dak geroep: "Staan op! Ek wil 'n ent met
jou saam stap."

Saul het toe opgestaan, en hy en Samuel
het buitetoe gegaan.

27Hulle het gegaan tot by die stadsgrens en
Samuel het vir Saul gesê: "Beveel die slaaf
om vooruit te loop; maar wag jy eers sodat
ek **vir jou kan vertel wat God gesê het."**

**1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

**2. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?**

___________________________________

___________________________________

___________________________________

**3. Wat dink jy wil God vir jou leer of bewus van maak deur hierdie Bybelgedeelte?**

___________________________________

___________________________________

___________________________________

**4. Beskryf 'n karaktereienskap van Saul of Sameul neer wat jy bewonder.**

___________________________________

___________________________________

___________________________________

**5. Beskryf 'n karaktereienskap van God wat in hierdie verhaal uitgebeeld word.**

___________________________________

___________________________________

___________________________________





## Dag 17 LUKAS 22

### Jesus se dood word beplan

1Die fees van die ongesuurde brood, wat
pasga genoem word, was naby. 2Die
priesterhoofde en die skrifgeleerdes wou
Jesus uit die weg ruim, maar omdat hulle
bang was vir die volk, het hulle nog gesoek
na 'n manier om dit te doen.

3Die Satan het in Judas, wat Iskariot
genoem is en een van die twaalf was,
ingevaar. 4Hy het toe met die
priesterhoofde en die offisiere van die
tempelwag gaan praat oor hoe hy Jesus in
hulle hande kan laat kom. 5Hulle was bly en
het ooreengekom om hom daarvoor te
betaal. 6Hy het ingestem en na 'n geskikte
geleentheid gesoek om Jesus te verraai
waar die volk nie by is nie.

### Die paasmaaltyd word gereed gemaak

7Die dag van die ongesuurde brood,
waarop die paaslam geslag moes word, het
aangebreek. 8Jesus stuur toe vir Petrus en
Johannes vooruit met die opdrag: "Gaan
berei die paasmaaltyd vir ons voor dat ons
dit kan eet."

9Hulle vra Hom: "Waar wil U hê moet ons
dit voorberei?"

10Toe antwoord Hy hulle: "Kyk, net soos
julle die stad ingaan, sal 'n man wat 'n kruik
water dra, julle ontmoet. Gaan saam met
hom tot in die huis waar hy ingaan, 11en sê
vir die eienaar van die huis: 'Ons
Leermeester vra u: Waar is die kamer waar
Ek met my dissipels die paasmaaltyd kan
eet?' 12En hy sal julle 'n groot bovertrek
wys wat klaar daarvoor ingerig is. Daar
moet julle dit voorberei."

13Hulle het gegaan en dit gekry net soos
Jesus vir hulle gesê het, en die paasmaaltyd
voorberei.

### Die instelling van die nagmaal

14Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel
gegaan en die apostels saam met
Hom. 15Hy sê toe vir hulle: "Ek het baie
daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd
saam met julle te eet voordat Ek ly. 16Ek sê
vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit
in die koninkryk van God sy volle betekenis
gekry het nie."

17Daarna neem Hy 'n beker, spreek die
dankgebed uit en sê: "Neem dit en gee dit
vir mekaar aan. 18Ek sê vir julle: Ek sal van
nou af nie weer wyn drink voordat die
koninkryk van God gekom het nie."

19Toe neem Hy brood, spreek die
dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle
met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir
julle gegee word. Gebruik dit tot my
gedagtenis."

20Met die beker na die maaltyd het Hy net
so gemaak en gesê: "Hierdie beker is die
nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat
vir julle vergiet word.

21"Maar kyk, die hand van die man wat My
verraai, is saam met Myne hier op die
tafel. 22Met die Seun van die mens sal dit
gaan soos dit voorbeskik is, maar wee die
man deur wie Hy verraai word!"

23Toe begin hulle mekaar uitvra wie van
hulle dit kon wees wat so iets sou doen.

### Die ware grootheid

24Daar het onenigheid onder hulle
ontstaan oor wie van hulle as die
belangrikste beskou moet word. 25Maar
Jesus sê vir hulle: "By die nasies is dit so:

konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem. 26Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien. 27Wie is die belangrikste: die een wat aan tafel is, of die een wat bedien? Tog hy wat aan tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien.

28"Julle is die mense wat in my beproewings altyddeur by My gebly het. 29Net soos my Vader 'n koninkryk aan My bemaak het, so bemaak Ek 'n koninkryk aan julle, 30sodat julle in my koninkryk aan my tafel kan eet en drink en op trone kan sit om oor die twaalf stamme van Israel te regeer."

### Petrus sal Jesus verloën

31"Simon, Simon!" het Jesus gesê. "Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. 32Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk."

33Petrus sê vir Hom: "Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te gaan."

34Maar Hy antwoord: "Petrus, Ek sê vir jou: Die haan sal vannag nie kraai voordat jy My drie maal verloën het deur te sê dat jy My nie ken nie."

### Die stryd kom

35Verder het Jesus vir hulle gesê: "Toe Ek julle uitgestuur het sonder beursie en reissak en skoene, het julle iets kortgekom?"

"Nee, niks nie!" was hulle antwoord.

36Toe sê Hy vir hulle: "Maar nou, wie 'n beursie het, moet dit saamneem, en net so ook 'n reissak. En wie nie 'n swaard het nie, moet van sy klere verkoop en een aanskaf. 37Ek sê vir julle: Die Skrifwoord wat sê: 'En Hy is as misdadiger beskou,' moet aan My bewaarheid word, want wat op My betrekking het, gaan nou in vervulling."

38Hulle sê toe: "Here, kyk hier is twee swaarde."

"Ons laat dit daarby," antwoord Hy hulle.

### Jesus in Getsemane

39Jesus het die stad verlaat en volgens gewoonte Olyfberg toe gegaan, en sy dissipels het Hom gevolg. 40Toe Hy op die plek aankom, sê Hy vir hulle: "Bid dat julle nie in versoeking kom nie."

41Hy het Hom toe van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi. Daar het Hy gekniel en gebid: 42"Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!"

43'n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. 44Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val.

45Toe Hy van die gebed opstaan en by die dissipels kom, kry Hy hulle aan die slaap, uitgeput van droefheid. 46Hy sê toe vir hulle: "Waarom slaap julle? Staan op en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie."

### Jesus word gevange geneem

47Terwyl Jesus nog praat, kom 'n klomp mense daar aan. Die een wat Judas genoem is, een van die twaalf, het hulle gelei en nader gekom na Jesus toe om Hom te

soen. 48Maar Jesus sê vir hom: “Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n soen?”

49Toe dié wat saam met Jesus was, sien wat gaan gebeur, vra hulle: “Here, moet ons hulle met die swaard aanval?”

50Een van hulle slaan toe na die slaaf van die hoëpriester en kap sy regteroor af. 51Maar Jesus sê: “Hou op daarmee!”

Daarna het Hy die oor aangeraak en hom genees.

52Toe sê Jesus vir die priesterhoofde, die offisiere van die tempelwag en die familiehoofde wat teen Hom opgetrek het: “Trek julle met swaarde en stokke uit soos teen 'n rower? 53Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel, en julle het nie 'n hand uitgesteek om My te vang nie. Maar nou dat die tyd vir die duistere magte daar is, het julle julle kans.”

### Petrus verloën Jesus

54Hulle het Jesus toe gevange geneem en Hom weggelei en in die huis van die hoëpriester gebring. Petrus het op 'n afstand agterna gekom. 55In die middel van die binneplaas was daar 'n vuur, en daar het mense bymekaar gesit. Petrus het tussen hulle gaan sit. 56'n Diensmeisie wat hom in die skynsel van die vuur sien sit het, het hom goed bekyk en gesê: “Dié een was ook saam met daardie man.”

57Maar Petrus het dit ontken deur te sê: “Juffrou, ek ken Hom nie!”

58'n Rukkie later sien iemand anders hom en sê: “Jy is mos ook een van hulle.”

Maar Petrus antwoord: “Man, ek is nie!”

59Na verloop van sowat 'n uur het nog een met beslistheid beweer: “Sowaar, dié een was ook saam met daardie man. Hy is mos ook 'n Galileër!”

60Maar Petrus sê: “Man, ek weet nie waarvan jy praat nie!”

En onmiddellik, terwyl hy nog praat, het daar 'n haan gekraai. 61Die Here het omgedraai en Petrus aangekyk. Toe val dit Petrus by wat die Here vir hom gesê het: “Voordat die haan vannag kraai, sal jy My drie maal verloën.” 62En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

### Jesus word bespot

63Die manne wat vir Jesus bewaak het, het aangehou om met Hom die spot te dryf en Hom te slaan. 64Hulle het Hom geblinddoek en gesê: “Jy is mos 'n profeet! Sê wie het jou geslaan!”

65En nog baie ander godslasterlike dinge het hulle Hom toegesnou.

### Jesus voor die Joodse Raad

66Toe dit dag word, het die Raad van die volk – die priesterhoofde en die skrifgeleerdes – vergader en Jesus voor hulle laat bring.

67Hulle sê toe: “As jy die Christus is, sê dit vir ons.”

Maar Hy antwoord hulle: “Al sou Ek dit vir julle sê, sal julle tog nie glo nie; 68en al sou Ek vir julle 'n vraag stel, sal julle ook nie antwoord nie. 69Maar van nou af sal die Seun van die mens aan die regterhand van die almagtige God sit.”

70Toe vra hulle almal: “Dan is jy die Seun van God?”

Hy sê vir hulle: “Dit is soos julle sê: Ek is!”

71Daarop sê hulle: “Waarvoor het ons dan nog getuienis nodig? Ons het dit mos uit sy eie mond gehoor!”

1. Omkring ‘n vers of twee wat jou oog gevang het soos jy daardeur gelees het.

2. Beklemtoon in kleur (‘highlight’) verse wat karkatereienskappe of waarhede oor God beskryf en vir ewig waar is.

3. Watse optrede van Jesus is vir jou mooi. Verduidelik hoekom.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou së deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Waarvan het jy weer vandag opnuut bewus geword of vir die eerste keer raakgelees?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________





# Dag 18 EKSODUS 14

## Die farao agtervolg die Israeliete

1Die Here het vir Moses gesê: 2"Beveel die Israeliete om weg te draai en kamp op te slaan naby Pi-Hagirot tussen Migdol en die see. Regoor Baäl-Sefon by die see moet julle kamp opslaan. 3Dan sal die farao dink die Israeliete het verdwaal en is deur die woestyn vasgekeer. 4Ek sal die farao weer koppig maak, sodat hy julle agtervolg, en Ek sal my mag laat geld teen hom en sy leër. Dan sal Egipte besef dat Ek die Here is."

Die Israeliete het die bevele uitgevoer.

5Toe die koning van Egipte die berig kry dat die volk vir goed weg is, het sy houding en dié van sy amptenare teenoor die Israeliete verander. Die Egiptenaars het gesê: "Wat het ons aangevang dat ons die Israeliete laat trek het? Nou is ons hulle diens kwyt!"

6Die farao het sy strydwa laat inspan en sy leër saam met hom gevat. 7Hy het sy ses honderd beste strydwaens gevat, asook al die ander Egiptiese strydwaens, elkeen met 'n bemanning van drie. 8Die Here het die farao, die koning van Egipte, koppig gemaak sodat hy die Israeliete agtervolg het, maar die Israeliete het onder die beskerming van God verder getrek. 9Die Egiptenaars het hulle agtervolg, en al die strydwaens van die farao met bemanning en leërmag het hulle ingehaal terwyl hulle besig was om by die see kamp op te slaan, naby Pi-Hagirot regoor Baäl-Sefon.

10Toe die farao nader kom, sien die Israeliete skielik die Egiptenaars sit hulle agterna. Hulle het baie bang geword en benoud na die Here geroep.

11Hulle het vir Moses gesê: "Is daar nie begraafplek in Egipte nie dat jy ons saamsleep om in die woestyn te sterwe? Wat het jy ons aangedoen dat jy ons uit Egipte laat trek het? 12Ons het jou mos in Egipte gesê om ons te laat staan dat ons vir die Egiptenaars werk. Dit is vir ons beter om vir hulle te werk as om hier in die woestyn om te kom."

13Maar Moses het die volk geantwoord: "Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie. 14Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg."

## Die Here red die Israeliete

15Toe het die Here vir Moses gesê: "Waarom roep julle so benoud na My? Sê vir die Israeliete hulle moet verder trek. 16En jy, lig jou kierie op en steek jou hand oor die see uit en kloof dit oop sodat die Israeliete op droë grond kan deurgaan. 17Ek sal die Egiptenaars so koppig maak dat hulle die Israeliete sal agtervolg. So sal Ek my mag laat geld teenoor die farao en sy hele leër: strydwaens en bemanning. 18Wanneer Ek my mag laat geld teenoor die farao, sy strydwaens en hulle bemanning, sal Egipte besef dat Ek die Here is."

19Die Engel van God wat altyd voor die Israeliete uit beweeg het terwyl hulle getrek het, het nou agter hulle plek ingeneem. Ook die wolkkolom wat voor hulle was, het agter hulle ingeskuif, 20tussen die Egiptenaars en die Israeliete. Aan die Egiptiese kant was die wolk donker en aan die Israelitiese kant het dit die nag verlig. Die hele nag deur het die twee groepe nie nader aan mekaar gekom nie.

21Moses het sy hand oor die see uitgesteek, en die Here het daardie hele nag die water met 'n sterk oostewind

weggedryf, sodat die water oopgekloof en die see daar drooggelê is. 22Die Israeliete het op droë grond deur die see gegaan, en die water het weerskante van hulle soos 'n muur gestaan. 23Die Egiptenaars het hulle agternagesit: die farao se perde, strydwaens en bemanning is almal agter hulle aan die see in. 24In die vroeë môre het die Here uit die vuur- en wolkkolom afgekyk op die Egiptiese leër en verwarring onder hulle gesaai. 25Hy het die wiele van hulle strydwaens laat uitval, sodat hulle skaars kon beweeg.

Toe sê die Egiptenaars: "Ons moet wegkom van die Israeliete af, want die Here veg vir hulle teen Egipte." 26Maar die Here het vir Moses gesê: "Steek jou hand uit oor die see sodat die water oor die Egiptenaars, oor hulle strydwaens en bemanning kan stroom."

27Moses steek toe sy hand oor die see uit. Teen dagbreek het die see teruggestroom oor sy bodem en die Egiptenaars het hulle teen die water vasgevlug: die Here het hulle deur die see laat meesleur. 28Toe die water terugstroom, was die strydwaens en bemanning, die hele leërmag van die farao wat agter die Israeliete aan die see in is, tóé onder die water. Daar het nie een van hulle oorgebly nie.

29Maar die Israeliete het op droë grond deur die see gegaan en die water het weerskante van hulle soos 'n muur gestaan. 30Die Here het Israel daardie dag gered van Egipte, en die Israeliete het die Egiptenaars dood op die strand sien lê. 31Toe Israel sien hoe kragtig die Here teen Egipte opgetree het, is hulle met ontsag vir Hom vervul. Hulle het in die Here geglo en ook in Moses, sy dienaar.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Kleur sinne in ('highlight') wat opdragte van God (deur Moses) aan Sy kinders beskryf.

3. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees of net weer opnuut van bewus geword het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou sê of uitwys deur hierdie Skrifgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________


____________________________________

6. Van watter karaktereienskap/pe van God word jy bewus nadat jy deur die verse gelees het?

____________________________________

____________________________________

7. Beskryf die gehoorsame optrede van God se volk asook die wonderwerk (die effek van gehoorsaamheid aan God) wat God gedoen het vanuit hierdie Bybelgedeelte.



## Dag 19 JOHANNES 4

### Jesus en die Samaritaanse vrou

1Die Fariseërs het gehoor dat Jesus meer dissipels maak en doop as Johannes. – 2Eintlik was dit nie Jesus wat gedoop het nie, maar sy dissipels. – 3Toe Jesus dit verneem, het Hy Judea verlaat en weer na Galilea toe gegaan. 4Hy moes deur Samaria gaan.

5Hy kom toe by 'n dorp in Samaria met die naam Sigar, naby die stuk grond wat Jakob aan sy seun Josef gegee het. 6Die fontein van Jakob was daar, en Jesus het toe, omdat Hy moeg was van die reis, sommer by die fontein gaan sit. Dit was omtrent twaalfuur die middag.

7Daar kom toe 'n Samaritaanse vrou water haal, en Jesus vra vir haar: "Gee My 'n bietjie water om te drink."

8Sy dissipels was intussen weg dorp toe om te gaan kos koop.

9Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: "Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?"

Die Jode en die Samaritane gaan immers nie met mekaar om nie.

10Jesus het haar geantwoord: "As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: 'Gee My 'n bietjie water om te drink,' sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het."

11Die vrou sê toe vir Hom: "Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry? 12Jy is tog nie tot meer in staat as ons voorvader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie?"

13Maar Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; 14maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee."

15Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie."

16Hy sê toe vir haar: "Gaan roep jou man en kom terug hierheen."

17Die vrou het Hom geantwoord: "Ek het nie 'n man nie."

En Jesus sê vir haar: "Dis reg wat jy nou gesê het: 'Ek het nie 'n man nie.' 18Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat."

19Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer, ek sien dat u 'n profeet is. 20Ons voorouers het God op hierdie berg aanbid, en tog sê julle die plek waar 'n mens God moet aanbid, is in Jerusalem."

21Jesus sê toe vir haar: "Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie. 22Julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid; ons weet wat ons aanbid, want die verlossing kom uit die Jode. 23Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen. 24God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."

25Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus

genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak.”

26Toe sê Jesus vir haar: “Dit is Ek, Ek wat met jou praat.”

## Die Samaritane glo in Jesus

27Net toe het sy dissipels teruggekom en hulle was verbaas dat Hy met 'n vrou praat. Tog het niemand vir haar gevra: “Wat wil jy hê?” of vir Hom: “Waarom praat U met haar?” nie.

28Die vrou het toe haar waterkruik net daar laat staan en na die dorp toe gegaan en vir die mense gesê: 29“Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?”

30Die mense het toe uit die dorp uit na Jesus toe begin kom.

31Intussen het sy dissipels by Hom aangedring: “Rabbi, eet tog 'n stukkie.”

32Maar Hy sê vir hulle: “Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie.”

33Die dissipels sê toe vir mekaar: “Sou iemand dalk vir Hom iets te ete gebring het?”

34Maar Jesus het vir hulle gesê: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi. 35Sê julle nie: ‘Nog vier maande, dan is die oes daar’ nie? Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes. 36Nou al ontvang die man wat oes, sy loon en samel hy die oes in vir die ewige lewe. So is die een wat saai, en die een wat oes, saam bly. 37Hier is die gesegde waar: ‘Die een saai, en die ander een maai.’ 38Ek het julle gestuur om 'n oes in te samel waaraan julle nie gearbei het nie. Ander het gearbei, en julle pluk die vrug van hulle arbeid.”

39Baie van die Samaritane in daardie dorp het tot geloof in Jesus gekom op grond van die woorde van die vrou wat getuig het: “Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.” 40Toe die Samaritane by Hom kom, het hulle by Hom daarop aangedring om by hulle te bly. Hy het twee dae daar gebly. 41Nog baie meer van hulle het toe tot geloof in Hom gekom op grond van wat Hy gesê het; 42en hulle het vir die vrou gesê: “Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel het nie, want ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is.”

## Die genesing van die regeringsamptenaar se seun

43Ná die twee dae het Jesus daarvandaan na Galilea toe gegaan. 44Hy het self verklaar dat 'n profeet nie in sy eie land geëer word nie, 45maar toe Hy in Galilea kom, het die Galileërs Hom verwelkom. Hulle het alles gesien wat Hy gedurende die feesvierings in Jerusalem gedoen het, want hulle was self ook by die paasfees. 46Jesus het toe weer na Kana in Galilea toe gegaan, waar Hy die water wyn gemaak het.

In Kapernaum was daar 'n sekere regeringsamptenaar wie se seun siek was. 47Toe hy hoor dat Jesus uit Judea na Galilea toe gekom het, het hy na Hom toe gegaan en Hom gevra om te kom en sy seun gesond te maak, want hy het op sterwe gelê. 48Jesus sê toe vir hom: “As julle nie tekens en wonders sien nie, glo julle eenvoudig nie.”

49En toe sê die amptenaar vir Hom: “Here, kom tog voordat my kindjie sterwe.”

50Maar Jesus sê vir hom: “Gaan maar huis toe, jou seun lewe.”

Die man het geglo wat Jesus vir hom gesê het, en gegaan. 51Toe hy nog op pad was,

het sy werksmense hom al tegemoet gegaan en vertel dat sy kind lewe. 52Hy vra hulle toe presies wanneer hy begin beter word het, en hulle antwoord hom: "Gistermiddag eenuur het die koors hom verlaat."

53Die pa het toe besef dat dit op dieselfde oomblik was waarop Jesus vir hom gesê het: "Jou seun lewe." En hy en sy hele huisgesin het tot geloof in Jesus gekom.

54Dit was die tweede wonderteken wat Jesus gedoen het nadat Hy weer uit Judea na Galilea toe gekom het.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat jou aandag trek.

2. Kleur die verse in ('highlight') wat die optrede van die vrou beskryf nadat Jesus vir haar die waarheid oor haar lewe vertel het.

3. Skryf 'n opsommende sin neer, wat jy glo die tema of hart van hierdie Skrifgedeelte beskryf in jou eie woorde

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

5. Wat dink jy wil God vir jou leer of së deur hierdie Bybelgedeelte vandag?

6. Watter waarheid / waarhede wat Jesus aan die vrou gesë het, së Hy ook vir jou en elkge gelowige kind van God.

7. Kies 'n Bybelkarakter uit vandag se Skrifgedeelte en verduidelik hoe jy anders of dieselfde sal optree as hy/sy.



# Dag 20 2 KONINGS 5

## Naäman word genees van melaatsheid

1Naäman, die hoof van die leër van die koning van Aram, was 'n gesiene man wat die agting van die koning geniet het. Deur hom het die Here 'n oorwinning aan Aram besorg. Die man was 'n dapper soldaat, maar hy het melaats geword.

2Op een van hulle strooptogte het die Arameërs 'n jong dogtertjie uit Israel ontvoer wat Naäman se vrou se bediende geword het. 3Sy het vir die vrou gesê: "Ag, as Meneer net by die profeet in Samaria kon uitkom, dan sal hy vir Meneer van sy melaatsheid gesond maak."

4Naäman het by die koning gekom en hom meegedeel wat die dogtertjie uit Israel gesê het.

5"Gaan gerus," het die koning van Aram gesê, "ek stuur jou met 'n brief na die koning van Israel toe."

Hy het vertrek en drie honderd twee en veertig kilogram silwer, ag en sestig kilogram goud en tien stelle klere met hom saamgevat. 6Hy het die brief na die koning van Israel toe gebring. Dit het só gelui: "Ek het my dienaar Naäman met hierdie brief na jou toe gestuur. Wanneer hy by jou uitkom, moet jy hom van sy melaatsheid gesond maak."

7Toe die koning die brief gelees het, het hy sy klere geskeur en gesê: "Is ek dan God wat mense laat sterwe of aan hulle die lewe gee dat hierdie man iemand na my toe stuur om hom van sy melaatsheid gesond te maak? Dit moet vir julle duidelik wees hy soek net skoor met my."

8Elisa die man van God het te hore gekom dat die koning van Israel sy klere geskeur het en het 'n boodskap aan die koning gestuur: "Hoekom het u u klere geskeur? Laat Naäman na my toe kom, sodat hy kan besef dat daar 'n profeet in Israel is."

9Toe Naäman met sy wa en perde daar aankom, het hy stilgehou voor die deur van Elisa se huis. 10Elisa het 'n boodskap na hom toe gestuur: "Gaan was jou sewe maal in die Jordaan, dan sal jy gesond word en rein wees."

11Naäman het vererg weggery en gesê: "Ek het darem gedink hy sou uitkom en gaan staan, die Naam van die Here sy God aanroep, dan sy hand heen en weer oor die plek beweeg en so die melaatsheid wegneem. 12Is die riviere van Damaskus, die Abana en die Parpar, nie beter as al die waters van Israel nie? Kan ek my nie daarin was om rein te word nie?"

So het hy woedend daarvandaan teruggery.

13Sy amptenare het by hom gekom en mooi met hom gepraat: "Meneer, as die profeet iets moeiliks van u verwag het, sou u dit nie gedoen het nie? Hoeveel te meer nou dat hy eenvoudig vir u gesê het: Was jou en jy sal rein wees?"

14Hy het toe afgegaan na die Jordaan toe en hom sewe keer daarin gebad, soos die man van God gesê het, en sy vel het gesond geword soos dié van 'n klein seuntjie en hy was weer rein.

15Hy en sy hele gevolg het teruggegaan na die man van God toe. Daar aangekom, het Naäman voor die man van God gaan staan en gesê: "Ek weet nou, daar is geen God op die hele aarde nie behalwe in Israel. Aanvaar asseblief hierdie geskenk van my."



16Maar Elisa het gesê: "So seker as die Here leef in wie se diens ek is, ek sal dit nie aanvaar nie."

Naäman het by Elisa daarop aangedring om dit te aanvaar, maar hy het bly weier.

17Toe sê Naäman: "As u dan nie iets wil hê nie, wil u nie asseblief vir my twee muilvragte grond laat kry nie? Daarop wil ek brandoffers en ander diereoffers bring, net aan die Here, nie langer aan enige ander god nie. 18Daar is net een ding wat die Here my asseblief sal moet vergewe: as my koning na die tempel van Rimmon toe kom om te aanbid, en ek hom moet vergesel, en ek dan in die tempel van Rimmon aanbid wanneer hy daar aanbid, mag die Here my dit vergewe!"

19Elisa het van Naäman afskeid geneem, maar toe hy 'n ent weg was, 20het Gehasi, die slaaf van Elisa die man van God, vir homself gesê: "Meneer het hierdie Arameër Naäman laat wegkom sonder om iets te aanvaar van alles wat hy gebring het. So seker as die Here leef, ek gaan agter hom aan hardloop en ek sal iets van hom aanvaar."

21Gehasi is agter Naäman aan. Toe Naäman hom agter hom aan sien hardloop, het hy van die wa af afgespring, hom tegemoet gegaan en gevra: "Wat is verkeerd?"

22"Niks nie," het hy geantwoord. "Die profeet het my gestuur om te sê: Daar het nou net twee jongmanne van die profetegemeenskap hier aangekom van die Efraimsberge af, en sal u nie asseblief vir hulle vier en dertig kilogram silwer en twee stelle klere gee nie."

23Naäman het gesê: "Wees so vriendelik om ag en sestig kilogram te aanvaar."

Hy het by hom daarop aangedring, die ag en sestig kilogram silwer in twee geldsakke toegebind en dit saam met die twee stelle klere aan twee van sy slawe gegee om dit voor Gehasi uit te dra. 24Toe hy by Die Bult kom, het hy dit by hulle gevat en in sy kamer gaan wegsteek. Toe hy die manne laat gaan het en hulle daar weg is, 25en hy inkom en by die profeet gaan staan, vra Elisa vir hom: "Waar kom jy vandaan, Gehasi?"

Hy het geantwoord: "Ek was nêrens heen nie."

26Hy sê toe vir hom: "Was ek nie in die gees by jou toe iemand van sy wa af omgedraai het om jou tegemoet te gaan nie? Moes jy dié geleentheid aangryp om silwer en klere in die hande te kry, of olyfboorde en wingerde, kleinvee en grootvee, slawe en slavinne? 27Die melaatsheid waarmee Naäman aangetas was, sal vir altyd aan jou en jou nageslag sit."

Toe hy van Elisa af weggaan, was hy klaar melaats, wit soos sneeu.

**1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

**2. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

3. Wat dink jy wil God vir jou leer of bewus van maak deur hierdie Bybelgedeelte?

__________________________________

__________________________________

__________________________________

__________________________________


4. Hoe kan jy dieselfde as Naaman optree, of leer vanuit sy optrede?

__________________________________

__________________________________

__________________________________

__________________________________



5. Skryf in jou eie woorde 'n waarheid neer van wie God is of 'n karkatereienskap van God, wat jy vanuit die Bybelgedeelte agterkom.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

__________________________________



# Dag 21 1 TIMOTEUS 1

1Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus in opdrag van God ons Verlosser en van Christus Jesus ons Hoop.

2Aan Timoteus, my eie kind in die geloof.

Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here!

### Waarskuwing teen vals leerstellings

3Soos by my vertrek na Masedonië toe, dring ek nou weer by jou daarop aan om in Efese te bly. Daar is sekere mense wat vals leerstellings versprei, en jy moet hulle dit verbied. 4Hulle moet hulle nie met verdigsels en eindelose geslagsregisters besig hou nie. Sulke dinge gee eerder aanleiding tot twisgesprekke as dat dit die vorming bevorder wat God deur die geloof gee. 5Die doel van hierdie opdrag is om liefde te wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof kom. 6Daar is mense wat hiervan afgedwaal het en in 'n vrugtelose gepraat verval het. 7Hulle wil leermeesters in die wet wees, maar hulle verstaan nie hulle eie woorde of die dinge waaroor hulle so selfversekerd praat nie.

8Ons weet dat die wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik. 9'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, 10ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is. 11Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlikheid van die goeie God.


### Dank vir die genade van God

12Teenoor Christus Jesus ons Here is ek dankbaar: Hy het my krag gegee en my betroubaar geag om my in sy diens te stel, 13al het ek Hom voorheen belaster, vervolg en beledig. Maar God was genadig teenoor my omdat ek in my ongeloof nie geweet het wat ek doen nie. 14Ons Here het my oorlaai met sy genade en met geloof en liefde wat ons deel is in Christus Jesus.

15Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste. 16Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry. 17Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

18Hierdie opdrag gee ek aan jou, Timoteus, my kind, in ooreenstemming met die profesieë wat vroeër oor jou uitgespreek is. Met hierdie woorde in gedagte, moet jy die goeie stryd stry. 19Hou vas aan die geloof en behou 'n goeie gewete. Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gely. 20Onder hulle is daar Himeneus en Aleksander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle daardeur kan leer om God nie te laster nie.

**1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou mooi is.**



2. Omkring die singedeeltes/woorde wat waarskuwings is aan God se kinders (en aan jou) wat hulle (jy), nie moet navolg nie.

3. Verhelder ('highlight') 'n opdrag wat Paulus hier noem, wat jy sal wil onthou en wil navolg.

4. Waaroor wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

_________________________________

_________________________________

_________________________________

5. Waarvan dink jy, wil God jou bewusmaak of wat ervaar jy wil Hy jou leer deur hierdie Bybelgedeelte? Skryf een sin neer.

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

6. Noem 'n paar optredes van mense wat wettelloos (sonder God se Waarheid) leef.

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________



# Dag 22 JEREMIA 18

### Soos klei in die pottebakker se hand

1Die woord van die Here het tot Jeremia gekom: 2Gaan af na die pottebakker se huis toe, Ek sal daar met jou praat.

3Ek is toe af na die pottebakker se huis toe, en hy was juis besig om iets op die skyf te maak. 4Maar die ding wat hy aan die maak was uit die klei, het misluk, en hy het toe iets anders gemaak soos hy dit wou hê.

5Toe kom die woord van die Here tot my: 6Kan Ek nie met julle doen wat hierdie pottebakker met die klei gedoen het nie, Israel? vra die Here. Soos klei in die pottebakker se hand, so is julle in my hand, Israel. 7Een oomblik kondig Ek aan dat Ek 'n nasie, 'n koninkryk sal afbreek, sal uitroei, sal vernietig. 8Maar wanneer dié nasie hom bekeer van sy boosheid waaroor Ek hom wou straf, sien Ek af van die straf wat Ek oor hom wou bring, 9en die volgende oomblik kondig Ek aan dat Ek die nasie en die koninkryk sal bou en sal vestig. 10Maar wanneer hy doen wat verkeerd is in my oë en ongehoorsaam is aan My, sien Ek af van die goeie wat Ek aan hom wou doen.

11Maar sê nou vir die mense van Juda en die inwoners van Jerusalem: So sê die Here: Ek berei vir julle 'n ramp voor, Ek is besig om 'n besluit oor julle te neem. Elkeen moet hom van sy verkeerde lewe bekeer. Maak julle lewe en julle dade reg. 12Maar hulle sal sê: "Dit help nie. Ons wil lewe soos ons wil, elkeen wil sy eie koppige, slegte lewe lei."

13Daarom, so sê die Here: Vra tog onder die nasies of iemand al van so iets gehoor het! Israel het 'n afstootlike ding gedoen.

14Is die kranse van die Libanon ooit sonder sneeu, droog sy koue bergstrome wat uit ver plekke kom, ooit op?

15Tog het my volk My vergeet en wierookoffers gebring vir gode wat nie bestaan nie, gode wat my volk laat struikel het op sy pad, op die pad wat hy van ouds af loop; hy het op ompaaie begin loop, op ongebaande weë.

16Hy het hierdie land iets gemaak wat mense met afgryse vervul, iets waaroor hulle altyd van verbasing sal fluit. Elkeen wat daar verbykom, sal van verbasing die kop skud.

17Soos die oostewind sal Ek my volk voor die vyand uit verdryf; die dag as die ramp hulle tref, sal Ek my rug na hulle toe draai en hulle nie raaksien nie.

### Jeremia: Laat my vyande tot 'n val kom

18Van die mense het gesê: "Kom ons maak 'n plan met Jeremia. Daar sal altyd priesters wees om ons die wil van die Here te leer en wyse manne wat vir ons raad kan gee en profete by wie ons die boodskappe van die Here kan hoor. Kom ons voer 'n skinderveldtog teen hom en ons steur ons nie aan wat hy sê nie."

19Gee tog ag op my, Here, hoor wat sê my vyande!

20Goed word tog nie met kwaad vergeld nie! Maar hulle grawe 'n gat vir my om in te val. Neem tog in ag hoe ek voor U kom staan en vir hulle gepleit het dat u toorn teen hulle sal bedaar.

21Maar laat hulle kinders nou van honger sterf, laat daar oorlog oor hulle kom. Maak hulle vrouens kinderlose weduwees: laat die mans sterf aan die pes en laat die jongmanne in die oorlog sneuwel.



22Laat 'n bende hulle skielik oorval, sodat die jammerkrete uit hulle huise sal weerklink. Hulle het 'n gat gegrawe om my te vang, hulle het vir my strikke gestel.

23U, Here, ken hulle planne om my dood te bewerk; moenie hulle oortredings vergewe nie, moenie hulle sonde ongestraf laat nie, laat hulle tot 'n val kom voor U, tree teen hulle op terwyl U nog toornig is.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat na Heilige Gees verwys.

2. Wat kan jy uit Jeremia se besoek aan die pottebakker leer?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Kleur die vers in ('highlight') wat 'n waarheid beskryf oor wie God is en / of hoe Hy optree teenoor Sy kinders, beskryf.

4. Wat dink jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Soos wat jy deur Jeremia 18 gelees het, van watter karaktereienskap(e) van God word jy bewus?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Noem 'n paar verkeerde optredes van Jeremia se vyande wat kinders van God nie moet navolg nie.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 23 2 TIMOTEUS 1

1Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God, gestuur om die belofte te verkondig van die lewe in Christus Jesus.

2Aan Timoteus, my geliefde seun.

Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here!

### Getrouheid aan die evangelie

3Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met 'n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan jou dink. 4Ek onthou jou afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my 'n groot vreugde wees. 5Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.

6Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas. 7Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

8Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee. 9Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het. 10Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring. 11Van hierdie evangelie het Hy my aangestel as prediker en apostel en leraar.

12Om dié rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou.

13Neem die woorde wat jy van my gehoor het, as voorbeeld van gesonde verkondiging en volg dit na in die geloof en liefde wat ons in Christus Jesus het. 14Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon.

15Soos jy weet, het almal in die provinsie Asië my in die steek gelaat. Onder hulle is daar ook Figelus en Hermogenes.

16Mag die Here barmhartigheid bewys aan die huisgesin van Onesiforus, want hy het my dikwels kom opbeur. Hy het hom nie daarvoor geskaam dat ek in boeie sit nie, 17maar toe hy in Rome kom, het hy ywerig na my gesoek tot hy my gekry het. 18Mag die Here gee dat hy by Hom ontferming vind op die dag dat Hy weer kom. En wat Onesiforus alles in Efese vir my gedoen het, weet jy self baie goed.

**1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

**2. Beklemtoon ('highlight') die vers(e) wat beskryf hoe God wil hê dat ons, Sy kinders moet lewe.**

3. Skryf iets neer waarvan jy vandag opnuut bewus geword het en jy glo God onder jou aandag wil bring.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

__________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybel gedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Vanuit die Skrifgedeelte, skryf 'n leefwyse neer wat pas by 'n kind van God se lewe.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Maak 'n sterretjie by 'n vers wat jou aanspoor en bemoedig om met ander mense oor Jesus te gesels.

8. Watse genade gawe of talent het jy van God ontvang? Hoe kan jy dit tot Sy eer gebruik?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



**Dag 24** GENESIS 11

### Die toring van Babel

1Die hele wêreld het net een taal gepraat. 2Toe die mense ooswaarts getrek het, het hulle uitgekom by 'n vlakte in Sinar en daar gaan woon. 3Hulle het op 'n keer vir mekaar gesê: "Kom ons maak stene en ons brand hulle hard."

Hulle het toe stene in plaas van klip gebruik en asfalt in plaas van klei.

4Toe sê hulle: "Kom ons bou vir ons 'n stad met 'n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons maak so vir ons 'n naam. Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie."

5Die Here het afgekom om te kyk na die stad en die toring wat die mense vir hulle gebou het, 6en toe sê Hy: "Hier is hulle een volk en almal het een taal. Hulle het nog maar net begin om iets te doen. Hierna sal niks wat hulle beplan vir hulle onmoontlik wees nie. 7Kom laat Ons afgaan en verwarring bring in hulle taal, sodat die een nie die ander verstaan nie."

8Die Here het hulle toe van daar af verstrooi oor die hele aarde, en hulle het opgehou met die bou van die stad. 9Daarom het hulle die stad Babel genoem, want daar het die Here in die taal van die aarde verwarring gebring, en van daar af het Hy die mense oor die hele aarde verstrooi.

### Die nageslag van Sem

10Hier volg die familieregister van Sem. Toe Sem 100 was, het hy die vader geword van Arpaksad, twee jaar na die oorstroming. 11Sem het na die geboorte van Arpaksad nog 500 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 12Toe Arpaksad 35 was, het hy die vader geword van Selag. 13Arpaksad het na die geboorte van Selag nog 403 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 14Toe Selag 30 was, het hy die vader geword van Heber. 15Selag het na die geboorte van Heber nog 403 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 16Toe Heber 34 was, het hy die vader geword van Peleg. 17Heber het na die geboorte van Peleg nog 430 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 18Toe Peleg 30 was, het hy die vader geword van Reü. 19Peleg het na die geboorte van Reü nog 209 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 20Toe Reü 32 was, het hy die vader geword van Serug. 21Reü het na die geboorte van Serug nog 207 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 22Toe Serug 30 was, het hy die vader geword van Nahor. 23Serug het na die geboorte van Nahor nog 200 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 24Toe Nahor 29 was, het hy die vader geword van Tera. 25Nahor het na die geboorte van Tera nog 119 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 26Toe Tera 70 was, het hy die vader geword van Abram, Nahor en Haran.

27Hier volg die familiegeskiedenis van Tera. Tera het die vader geword van Abram, Nahor en Haran, en Haran het die vader geword van Lot. 28Haran het in Ur van die Galdeërs, sy geboorteland, gesterf toe sy vader Tera nog geleef het. 29Abram het getrou en Nahor ook: Abram se vrou se naam was Sarai en dié van Nahor se vrou was Milka, 'n dogter van Haran wat nie net die vader van Milka was nie, maar ook van Jiska. 30Sarai was onvrugbaar; sy het nie kinders gehad nie.

31Tera het sy seun Abram geneem en ook sy kleinseun Lot seun van Haran, en sy skoondogter Sarai die vrou van sy seun Abram, en saam met hulle uit Ur van die Galdeërs weggetrek om na Kanaän toe te

gaan. Maar hulle het net tot by Haran getrek en in dié stad gaan woon. 32Tera was twee honderd en vyf jaar oud toe hy in Haran gesterf het.

1. Omkring 'n vers of twee wat vir jou uitstaan of jou aandag trek.

2. Skryf 'n opdrag/te neer wat God aan sy kinders gee, wat vandag nog vir jou waar is en geld.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

3. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie 'n antwoord te hê nie).

________________________________

________________________________

________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

6. Noem 'n karaktereienskap van God wat jy waarneem vanuit vandag se Skrifgedeelte.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________



# Dag 25 PREDIKER 7

## Wie wysheid het

1'n Goeie naam is beter as reukolie, die sterfdag beter as die geboortedag.

2Dit is beter om na 'n huis toe te gaan waar daar gerou word as na 'n huis waar daar feesgevier word. Elkeen wat lewe, moet ter harte neem wat die uiteinde van die mens is.

3Droefheid is beter as lag; agter 'n somber gesig skuil 'n helder gees.

4Wie wysheid het, voel hom tuis waar daar gerou word, die dwaas voel hom tuis waar daar plesier is.

5Dit is beter om vermaan te word deur iemand wat wysheid het, as om besing te word deur 'n dwaas.

6Soos die geknetter van doringtakke onder 'n pot, so klink die gelag van 'n dwaas. Ook hier kom dit tot niks.

7Afpersing maak van 'n verstandige mens 'n dwaas, 'n omkoopgeskenk vernietig die goeie oordeel.

8'n Voltooide taak is beter as een wat pas begin is. Geduld is beter as hoogmoed.

9Moenie gou kwaad word nie: dit is 'n dwaas wat gou kwaad word.

10Moenie sê in die ou dae was dit beter as nou nie; dit is nie uit wysheid dat 'n mens so sê nie.

11Wysheid saam met besittings is goed; dit is 'n voordeel vir elkeen wat leef.

12Wysheid bied beskerming soos geld beskerming bied; kennis en wysheid verryk die lewe van hom wat dit besit.

13Kyk na die werk van God: wie kan reguit maak wat Hy krom gemaak het?

14Wees bly op die dag van voorspoed, en as daar 'n dag van teëspoed kom, sien dit so: soos die een het God ook die ander gegee, sodat die mens nie sal weet wat vir hom voorlê nie.

15In my lewe wat tot niks gekom het nie, het ek alles gesien: 'n regverdige gaan onder al doen hy reg, 'n goddelose geniet 'n lang lewe, al doen hy verkeerd.

16Moet jou nie te regverdig wil hou nie, moenie aanspraak maak op meer wysheid as wat jy het nie; waarom jou eie ondergang soek?

17Moenie aanhou verkeerd doen nie, moenie dwaas wees nie; waarom voor jou tyd doodgaan?

18Dit is goed dat jy aan die een vermaning vashou en die ander ook nie laat los nie, want hy wat vir God dien, gehoorsaam altwee.

19Wysheid gee aan dié wat dit het, meer mag as wat tien maghebbers in 'n stad het.

20Daar is geen mens op aarde regverdig nie, niemand wat net goed doen en nie sondig nie.

21Moet jou nie steur aan alles wat gesê
word nie. Dan sal jy jou dit nie aantrek as
jou slaaf jou verwens nie. 22Jy weet hoe
baie kere jy self ander verwens het.

23Ek het alles met die hulp van wysheid getoets. Ek wou wysheid bekom, maar dit het buite my bereik gebly.

24Die betekenis van wat gebeur, lê buite bereik, baie diep; wie kan dit vind?

25Ek het my opnuut daaraan gewy om te wete te kom, na te vors en te ondersoek wat

wysheid en insig is, en ek het toe vasgestel dat goddelose optrede dwaasheid is, dat onverstandige optrede geen doel dien nie. 26Ek het gevind: 'n vrou wat strikke stel vir mans, is erger as die dood self. Haar bekoorlikheid is 'n vangnet, in haar arms is jy 'n gevangene. Wie voor God reg lewe, vermy haar, maar die sondaar laat hom deur haar vang.

27Dit het ek gevind, sê die Prediker, toe ek een en een bymekaargesit het om die regte insig te kry.

28Wat ek nog altyd soek, het ek nie gevind nie. Ek het wel uit duisend mense een betroubare man gevind, maar so 'n vrou het ek onder hulle nie gevind nie.

29Die één ding wat ek wel gevind het, is dit: God het die mense goed en opreg gemaak, tog het hulle hulle besig gehou met allerlei slimmighede.

1. Onderstreep ‘n paar verse wat vir jou uitstaan.

2. Kleur (highlight) ‘n opdrag wat jy glo God vandag vir jou gee of uitlig, in ‘n kleur waarvan jy hou.

3. Skryf ‘n vers neer wat jou leer hoe om reg te lewe in wysheid en waarvolgens jy jou lewe kan inrig.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig ‘n antwoord hierop te hë nie).

________________________________________

________________________________________

________________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou persoonlik së deur hierdie Bybelgedeelte? Dalk iets oor jou leefwyse of die manier waarop jy dink oor jou of ander se lewe.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________



# Dag 26 TITUS 3

## Die Christelike gedrag

1Herinner die mense nadruklik daaraan dat hulle hulle aan owerheid en gesag moet onderwerp, daaraan gehoorsaam moet wees en bereid moet wees om alles te doen wat goed is. 2Hulle moet van niemand kwaadpraat nie en nie rusie soek nie. Hulle moet inskiklik wees en altyd bedagsaam teenoor almal.

3Vroeër was ons ook onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en singenot; ons het ons lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring; ons was haatlik en het mekaar gehaat. 4Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn. 5Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee. 6God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser. 7So is ons dan deur sy genade vrygespreek en het ons erfgename geword van die ewige lewe wat ons verwag.

8Dit is 'n betroubare woord. Daarom wil ek hê dat jy van hierdie dinge met groot nadruk moet getuig, sodat dié wat tot geloof in God gekom het, hulle op goeie werk kan toelê, werk wat goed en nuttig is vir die mense. 9Maar jy moet jou nie inlaat met dwase strydvrae en geslagsregisters en met getwis en stryery oor die wet van Moses nie, want dit is nutteloos en sinloos. 10Met iemand wat na twee vermanings nog skeuring veroorsaak, moet jy niks te doen hê nie, 11omdat jy weet dat so 'n man op die verkeerde pad is. Deur sy sonde bring hy die oordeel oor homself.

## Besondere opdragte en groete

12Sodra ek vir Artemas of Tigikus na jou toe stuur, moet jy probeer om na my toe te kom in Nikopolis, want ek het besluit om die winter daar oor te bly. 13Doen ook jou bes om vir Senas, die regsgeleerde, en Apollos voort te help op hulle reis, en sorg dat hulle niks kortkom nie.

14Ons mense moet ook leer om met eerlike werk in die noodsaaklike lewensbehoeftes te voorsien. Dan sal hulle lewe nie onvrugbaar wees nie.

15Almal wat hier by my is, stuur vir jou groete. Gee ons groete aan ons vriende in die geloof.

Die genade sal by julle almal wees!

.

**1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

**2. Skryf 'n vers neer wat vir jou leer of 'n opdrag aan jou gee oor hoe om te lewe onder gesag wat oor jou aangestel is.**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________



3. Kies 'n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan rig of verander deur meer so te leef.

______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

4. Is daar iets waarvan jy vandag weer opnuut bewus geraak het? Skryf dit neer.

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

5. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed : ________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

6. Skryf 'n paar kenmerke / optredes neer van iemand wat geestelik op die verkeerde pad is (wat so skeiding tussen God se kinders wil bewerkstellig).

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________



**Dag 27** 1 SAMUEL 25

### Samuel se dood

1Samuel is oorlede, en die hele Israel het bymekaargekom en oor hom gerou. Hulle het hom begrawe by sy huis in Rama.

### Nabal beledig vir Dawid

Dawid het klaargemaak en na die Paranwoestyn toe getrek. 2Daar was 'n man in Maon wat sy boerdery in Karmel gehad het, 'n baie ryk man. Hy het drie duisend skape en duisend bokke gehad. Hy was besig om sy skape in Karmel te skeer. 3Die naam van die man was Nabal en die naam van sy vrou Abigajil. Die vrou het 'n goeie verstand gehad en sy was mooi, maar die man was 'n regte korrelkop en onbeskof. Hy was 'n Kalebiet. 4Toe Dawid in die woestyn verneem dat Nabal skape skeer, 5het hy tien jong manne gestuur en vir hulle gesê: “Gaan na Karmel toe, en as julle by Nabal kom, moet julle hom namens my vra hoe dit gaan. 6En sê vir hom: Gesondheid en voorspoed vir u en u familie en alles wat u besit! 7Ek het verneem dat hulle besig is om by u te skeer. U skaapwagters was by ons en ons het hulle nie kwaad aangedoen nie. Hulle het niks vermis solank hulle in Karmel was nie. 8Vra maar u veewagters sodat hulle dit kan vertel. Wees dan tog my mense goedgesind. Ons het op die regte tyd gekom. Gee asseblief wat u kan afstaan aan u seun Dawid en sy manne.”

9Die jong manne van Dawid het gekom en Dawid se hele boodskap aan Nabal oorgedra en gewag. 10Maar Nabal het die manne van Dawid geantwoord: “Wie is Dawid, wie is die seun van Isai? Daar is deesdae baie slawe wat wegloop van hulle eienaars af. 11Moet ek nou my brood en water vat en die vleis wat ek vir skeerders geslag het, en dit vir mense gee van wie ek nie weet waar hulle vandaan is nie?”

12Die jong manne van Dawid het net daar in hulle spore omgedraai en teruggegaan. Hulle het alles wat Nabal gesê het, vir Dawid gaan vertel.

13Dawid het toe aan sy manne gesê: “Gord aan julle swaarde!” En elkeen het sy swaard aangegord, Dawid ook. Omtrent vier honderd man het saam met Dawid opgetrek, terwyl twee honderd by hulle goed gebly het.

14Een van die veewagters het vir Abigajil, die vrou van Nabal, vertel: “Dawid het boodskappers uit die woestyn gestuur om vir Meneer te groet, maar hy het teen hulle uitgevaar. 15Tog was die manne baie goed vir ons. Solank ons saam met hulle in die veld rondgetrek het, is ons nie kwaad aangedoen nie, en het ons niks vermis nie. 16Hulle het ons dag en nag beskerm so lank as ons die kleinvee naby hulle opgepas het. 17Nou kan u gerus gou kyk wat u kan doen, want daar is klaar besluit om vir Meneer en sy hele huis te straf; en hy is so 'n verkeerde man dat 'n mens nie met hom daaroor kan praat nie.”

18Abigajil het gou twee honderd brode, twee kruike wyn, vyf gaargemaakte skape, vyf emmer gebraaide koring, honderd trosse rosyntjies en twee honderd koeke gedroogde vye gevat en op donkies gelaai.

19Sy het vir haar slawe gesê: “Gaan vooruit. Ek kom sommer nou agter julle aan.”

Aan haar man Nabal het sy niks hiervan vertel nie. 20Terwyl sy nog op die donkie ry en in 'n kloof teen die berg afgaan, kom Dawid en sy manne juis na haar kant toe aan, sodat sy hulle teëkom. 21Dawid het juis net gedink: ek het verniet alles wat aan daardie man behoort in die woestyn

opgepas, sodat daar niks van sy goed vermis is nie. Hy vergeld my kwaad vir goed. 22Mag God my deur my vyande om die lewe bring as ek teen môreoggend nog enige manspersoon van Nabal laat oorbly.

23Toe Abigajil vir Dawid sien, het sy gou van die donkie af afgespring en vir Dawid eerbiedig gegroet. Sy het diep gebuig voor hom 24en gesê: "Verskoon tog die onreg, Meneer! Mag ek vertroulik met u praat? Luister tog na my woorde. 25Meneer moet hom tog nie steur aan daardie verkeerde mens, aan Nabal nie, want hy is net soos sy naam. Sy naam beteken dwaas, en dwaas is hy. Maar ek, ek het nie die manne van Meneer vir wie Meneer gestuur het, gesien nie. 26Meneer, so seker as die Here leef en so seker as wat u self leef, dit is die Here wat gekeer het dat u bloed vergiet en die reg in u eie hande neem. Mag dit met u vyande gaan soos dit met Nabal sal gaan en met almal wat u ondergang soek. 27Neem tog nou hierdie blyk van goeie wense wat ek vir Meneer gebring het, en laat dit gegee word aan die manne wat altyd vir Meneer volg. 28Vergewe tog my oortreding, want die Here sal beslis vir u 'n bestendige huis besorg, omdat Meneer die oorloë van die Here voer, en mag 'n ramp u nooit tref nie. 29En sou daar iemand opstaan om u te agtervolg en u te probeer doodmaak, mag die lewe van Meneer dan by die Here, u God, veilig wees saam met die lewendes. Maar mag die lewe van u vyande weggeslinger word soos 'n klip uit 'n slingervel. 30Wanneer die Here al die goeie dinge wat Hy oor u gesê het, aan Meneer volbring het, en Hy u as regeerder van Israel aangestel het, 31mag hierdie voorval dan nie vir u tot kwelling en gewetenswroeging wees omdat u onskuldige bloed vergiet het deur die reg in eie hande te neem nie. En wanneer die Here aan Meneer goed gedoen het, mag u my dan in gedagte hou."

32Dawid het vir Abigajil gesê: "Geloof sy die Here die God van Israel wat jou vandag gestuur het om my te ontmoet. 33Mag jy geseën word vanweë jou insig en ook omdat jy my vandag verhinder het om bloed te vergiet en die reg in my eie hand te neem. 34Maar, so seker as die Here die God van Israel leef, Hy wat my gekeer het om jou kwaad aan te doen, as jy my nie gou tegemoet gekom het nie, sou daar beslis geen enkele manspersoon van Nabal tot die môrelig oorgebly het nie."

35Daarna het Dawid die goed wat sy gebring het, aanvaar en vir haar gesê: "Wees gerus en gaan maar huis toe. Kyk, ek het jou versoek gehoor en ek staan dit toe."

36Toe Abigajil by Nabal kom, het hy in sy huis 'n feesmaal gehad soos 'n koning. Nabal was opgeruimd en baie dronk. Voor die oggend met ligdag het sy hom hoegenaamd niks vertel nie. 37Die oggend het Nabal nugter geword, en toe sy vrou hom al hierdie dinge vertel, het hy 'n beroerteaanval gekry en is hy heeltemal verlam. 38Omtrent tien dae later het die Here hom weer met 'n aanval getref, en het hy gesterf.

### Dawid trou met Abigajil

39Toe Dawid hoor dat Nabal dood is, het hy gesê: "Geloof sy die Here wat my regsaak behartig het oor die onreg wat Nabal my aangedoen het, en my van kwaad weerhou het. Die Here het Nabal se kwaad op sy eie kop laat afkom."

Daarna het Dawid gestuur en met Abigajil laat praat om haar as vrou vir hom te neem. 40Die manne van Dawid het by Abigajil die Karmeliet gekom en vir haar

gesê: "Dawid het ons na u toe gestuur om u as vrou vir hom te neem."

41Sy het opgestaan en gebuig en gesê: "Ag nee, ek wil net 'n slavin wees om die voete van Meneer se manne te was."

42Abigajil het toe gou klaargemaak en op 'n donkie gery terwyl haar vyf slavinne te voet gevolg het. Sy het die boodskappers van Dawid gevolg en sy vrou geword.

43Dawid was reeds met Aginoam uit Jisreël getroud. Hy het nou twee vrouens gehad. 44Saul het sy dogter Mikal, die vrou van Dawid, aan Palti die seun van Lajis uit Gallim gegee.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat met jou hart praat.

2. Skryf 'n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer ('n verbeeldingsprentjie vorm).

________________________________

________________________________

________________________________

3. Waaroor wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

________________________________

________________________________

________________________________

4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

5. Watter Bybelkarakter in vandag se verhaal, se voorbeeld sal jy graag wil nastreef of beslis glad nie wil navolg nie.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________



# Dag 28 LUKAS 10

### Die sending van die twee en sewentig

1Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan. 2Hy het vir hulle gesê: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes. 3Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in.

4"Moenie 'n beurs of 'n reissak of skoene saamdra nie, en moenie langs die pad met groetery tyd verkwis nie. 5As julle in 'n huis kom, moet julle eerste woorde wees: 'Vrede vir hierdie huis.' 6As daar iemand woon vir wie die vrede bestem is, sal die vrede op hom bly; so nie, sal dit na julle toe terugkom. 7Moenie van een huis na die ander trek nie, maar bly in dieselfde huis, eet en drink wat hulle voorhande het, want die arbeider is geregtig op sy loon. 8As julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle, eet dan wat hulle vir julle voorsit. 9Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: 'Vir julle is die koninkryk van God baie naby!' 10Maar as julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle nie, gaan dan uit in sy strate en sê: 11'Selfs julle dorp se stof wat aan ons voete sit, vee ons af as aanklag teen julle. Maar dit moet julle weet: die koninkryk van God is baie naby.' 12Ek sê vir julle: Vir die mense van Sodom sal dit op dié dag draagliker wees as vir daardie dorp.

13"Ellende wag vir jou, Gorasin! Ellende wag vir jou, Betsaida! As in Tirus en Sidon die wonderdade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as gesit en hulle bekeer het. 14Maar vir Tirus en Sidon sal dit in die oordeel draagliker wees as vir julle. 15En jy, Kapernaum, dink jy jý sal tot die hemel toe verhoog word? Nee, jy sal tot in die doderyk afdaal!

16"Wie na julle luister, luister na My; wie vir julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het."

### Die terugkoms van die twee en sewentig

17Die twee en sewentig het vol blydskap teruggekom en gesê: "Here, selfs die bose geeste onderwerp hulle aan ons by die hoor van u Naam."

18Toe sê Hy vir hulle: "Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val. 19Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen. 20En tog moet julle nie bly wees net omdat die geeste hulle aan julle onderwerp nie, maar wees veral bly omdat julle name in die hemel opgeskryf is."

### Die blydskap van Jesus

21By daardie selfde geleentheid het Jesus deur die Heilige Gees dit uitgejubel: "Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling.

22"My Vader het alles aan My toevertrou. Niemand weet wie die Seun is nie behalwe die Vader, en wie die Vader is nie behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil bekend maak."

23Toe draai Jesus Hom na sy dissipels afsonderlik en sê vir hulle: "Hoe bevoorreg is die oë wat sien wat julle sien, 24want Ek sê vir julle: Baie profete en konings het

daarna verlang om te sien wat julle nou sien, en hulle het dit nie gesien nie; en om te hoor wat julle nou hoor, en hulle het dit nie gehoor nie."

### Die barmhartige Samaritaan

25Daar was 'n wetgeleerde wat aan Jesus 'n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra: "Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?"

26Jesus sê vir hom: "Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?"

27Hy antwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself."

28"Jy het reg geantwoord," sê Jesus vir hom. "Doen dit en jy sal die lewe verkry."

29Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf en vra vir Jesus: "En wie is my naaste?"

30Jesus gaan toe nader daarop in deur te
sê: "Toe 'n man eenmaal op pad was van
Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom
aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en
hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe
padgegee. 31Dit gebeur toe dat daar 'n
priester met daardie pad langs kom, en toe
hy hom sien, gaan hy ver langs verby. 32Net
so het daar ook 'n Leviet by die plek gekom,
en toe hy hom sien, gaan hy ook ver langs
verby. 33Maar 'n Samaritaan wat op reis
was, het op hom afgekom, en toe hy hom
sien, het hy hom innig jammer gekry. 34Hy
het na hom toe gegaan, sy wonde met olie
en wyn behandel en hulle verbind. Toe het
hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n
herberg toe geneem en hom daar verder
versorg. 35Die volgende dag haal hy twee
muntstukke uit en gee dit aan die eienaar
van die herberg en sê: 'Sorg vir hom, en as
jy meer onkoste met hom het, sal ek jou
betaal wanneer ek hierlangs terugkom.'

36"Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?"

37Die wetgeleerde antwoord: "Die man wat aan hom medelye bewys het."

Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy ook so."

### Op besoek by Marta en Maria

38Op hulle reis het Jesus in 'n dorp gekom
waar 'n vrou, Marta, Hom as gas ontvang
het. 39Sy het 'n suster gehad, Maria, wat
aan die voete van die Here gaan sit en na sy
woorde geluister het. 40Maar Marta was
baie bedrywig om alles klaar te maak. Sy
kom toe daar staan en sê: "Here, hinder dit
U nie dat my suster my alleen laat bedien
nie? Sê sy moet my kom help!"

41Maar die Here antwoord haar: "Marta,
Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie
dinge, 42maar net een ding is nodig. Maria
het die beste deel gekies, en dit sal nie van
haar weggeneem word nie."

**1. Kleur 'n vers of twee in ('highlight') wat vir jou uitstaan vanuit hierdie gedeelte in Lukas.**

**2. Kies 'n Bybelkarakter uit die Skrifgedeelte en skryf 'n optrede of karaktereienskap van hom/haar neer, wat jy bewonder of nastreef.**

______________________________________

______________________________________

3. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelverse?

5. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed :

6. Trek 'n sirkel om die verse wat beskryf watse mag Jesus aan die 72 uitgestuurde dissipels (en aan jou) gegee het.

7. Skryf 'n waarheid neer van iets wat Jesus aan Sy dissipels geleer het en vandag nog waar bly.



# Dag 29 JOSUA 1

## Die opdrag aan Josua

1Na die dood van Moses, die dienaar van die Here, het die Here vir Josua, seun van Nun en assistent van Moses, gesê: 2"Moses my dienaar is dood. Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan na die land toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee. 3Soos Ek vir Moses gesê het, gee Ek aan julle elke plek waar julle kom: 4van die woestyn af en van die Libanon af tot aan die groot rivier, die Eufraat, die hele gebied van die Hetiete tot aan die Groot See in die weste, alles sal julle woongebied wees.

5"Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie. 6Wees sterk, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het.

7"Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan. 8Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. 9Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."

## Josua se bevele aan die volk

10Josua het die beamptes van die volk beveel: 11"Gaan die kamp deur en sê vir die mense: Maak vir julle padkos gereed, want oor drie dae trek julle deur die Jordaan en gaan julle die land in besit neem wat die Here julle God julle as besitting gee."

12Vir die stamme Ruben en Gad en vir die halwe Manassestam het Josua gesê: 13"Julle onthou die woorde van Moses die dienaar van die Here. Hy het vir julle gesê: 'Die Here julle God sal vir julle 'n vaste woonplek gee; Hy sal julle hierdie gebied gee.' 14Julle vrouens en kinders en julle vee kan in die gebied aan hierdie kant van die Jordaan bly wat Moses aan julle toegeken het, maar julle, elke weerbare man, moet in formasie voor julle volksgenote uit optrek en hulle help. 15Eers nadat die Here aan julle volksgenote 'n vaste woonplek gegee het soos vir julle, en hulle ook die gebied in besit geneem het wat die Here julle God aan hulle gee, kan julle terugkom. Dan kan julle julle eie gebied wat Moses die dienaar van die Here aan julle oos van die Jordaan toegeken het, in besit neem."

16Hulle het Josua geantwoord: "Ons sal alles doen wat u ons opdra, ons sal gaan waar u ons ook al stuur. 17Soos ons aan Moses gehoorsaam was, so sal ons aan u gehoorsaam wees. Mag die Here u God by u wees soos Hy by Moses was. 18Elke man wat hom teen u bevele verset en nie gehoorsaam is aan al die bevele wat u gee nie, sal doodgemaak word. Wees u net sterk en vasberade."

1. Omkring 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.



2. Verhelder ('highlight') die verse wat al God se woorde aan Joshua (maar ook gerig aan jou) bevat.

3. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________

4. Waarvan dink jy, wil God jou bewus maak deur hierdie storie van Joshua?

____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________

5. Wat sal jou emosie wees wanneer Jesus voor jou staan en die woorde van verse 5 tot 9 vir jou së?

____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________

6. Verduidelik wat jy verstaan as jy weer vers 8 lees.

____________________________________
____________________________________
____________________________________

____________________________________



**Dag 30** **HEBREËRS 11**

**Wat geloof is**

1Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. 2Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar oor die mense van die ou tyd met soveel lof getuig is.

3Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie.

4Omdat Abel geglo het, het hy 'n beter offer aan God gebring as Kain. Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging ontvang dat hy 'n opregte man is, want God het sy offers aangeneem; en deur dieselfde geloof spreek hy nou nog, al is hy reeds dood.

5Omdat Henog geglo het, is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het, en hy was nêrens te vind nie, omdat God hom weggeneem het. Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem is, geleef het soos God dit wou. 6As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon.

7Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou om sy huisgesin te red. Sy geloof was 'n veroordeling van die wêreld, maar dit het hom erfgenaam gemaak van die vryspraak wat deur die geloof kom.

8Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. 9Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. In tente het hy daar gewoon, en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was, 10want hy het uitgesien na die stad wat vaste fondamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is.

11Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara onvrugbaar was en hy al te oud, krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy God wat dit beloof het, getrou geag het. 12Die gevolg was dat daar van een man, 'n man wat nie meer 'n kind kon verwek nie, kinders afgestam het so talryk soos die sterre van die hemelruim en so baie soos die sand van die see.

13Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. 14Mense wat so praat, gee daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland. 15As hulle terug verlang het na daardie land waaruit hulle weggetrek het, sou hulle die geleentheid gehad het om daarheen terug te gaan. 16Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak.

17-18Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die belofte ontvang het en aan wie gesê is: "Uit Isak sal jou nageslag gebore word," het gereed gestaan om sy enigste seun te offer. 19Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit

die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het.

20Omdat Isak geglo het, het hy Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms.

21Omdat Jakob geglo het, het hy op sy sterfbed albei die seuns van Josef geseën en tot God gebid terwyl hy op die knop van sy kierie leun.

22Omdat Josef geglo het, het hy kort voor sy dood melding gemaak van die uittog van die Israeliete en opdrag gegee in verband met sy liggaam.

23Omdat die ouers van Moses geglo het, het hulle hom na sy geboorte drie maande lank weggesteek toe hulle sien dat hy 'n mooi kindjie is. Hulle was nie bang vir die bevel van die koning nie.

24Omdat Moses geglo het, het hy toe hy groot geword het, geweier om die seun genoem te word van die farao se dogter. 25Hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê. 26Die smaad ter wille van die Christus het hy 'n groter rykdom geag as die skatte van Egipte, omdat hy na die beloning uitgesien het.

27Omdat hy geglo het, het hy Egipte verlaat sonder dat hy vir die woede van die koning bang was. Hy het volhard soos iemand wat die onsienlike God sien.

28Omdat hy geglo het, het hy die pasga ingestel en die bloed aan die deurkosyne laat smeer sodat die engel van die dood nie die eersgeborenes van Israel sou tref nie.

29Omdat die Israeliete geglo het, het hulle deur die Rooisee getrek soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars verdrink het toe hulle dit ook probeer doen het.

30Omdat die Israeliete geglo het, het die mure van Jerigo geval nadat hulle sewe dae daaromheen getrek het.

31Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik ontvang en het sy nie omgekom saam met dié wat aan God ongehoorsaam was nie.

32En wat moet ek nog meer sê? Die tyd ontbreek my om te vertel van Gideon, Barak, Simson en Jefta, van Dawid, Samuel en die profete. 33Deur die geloof het hulle koninkryke verower, die reg van God gehandhaaf en verkry wat God beloof het; hulle het leeus se bekke toegestop, 34gloeiende vuur geblus en aan die swaard ontkom; hulle het in swakheid krag ontvang, was sterk in oorlog en het die leërs van vreemdes op die vlug gejaag. 35Vroue het hulle dooies teruggekry, opgewek uit die dood. Ander gelowiges wou nie die prys vir hulle eie vrylating betaal nie en is doodgemartel; hulle wou die opstanding tot 'n beter lewe deelagtig word. 36Ander weer het bespotting en lyfstraf verduur, selfs boeie en gevangenskap. 37Gelowiges is met klippe doodgegooi, in stukke gesaag, met die swaard vermoor. Hulle het rondgeswerf in skaapvelle en in bokvelle. Hulle het gebrek gely, is verdruk en mishandel. 38Die wêreld was hulle nie werd nie; hulle het rondgeswerf in woestyne en op berge en het in grotte en in gate in die grond gelewe.

39En hoewel daar oor hulle almal vanweë hulle geloof met soveel lof getuig is, het hulle nie verkry wat beloof is nie, 40omdat God vir ons iets beters beoog het, sodat hulle nie sonder ons die voleinding sou bereik nie.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat jou aandag trek en vir jou mooi is.

2. Kleur die verse in wat waarhede oor jou geloof beskryf.

3. Hoe leer hierdie Skrifgedeelte jou om as kind van God te lewe?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou sê deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed :

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Trek kringe romdom die woorde wat beskryf wat als gebeur het met God se kinders, wat vervolg was as gevolg van hulle geloof in Hom.



Heuningsoet Woord & Gees

Psalm 19:10&11

deur Carien Stander

www.thedesertcall.com

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God sal leer herken soos wat hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Laai Kreatiewe en Refleksie Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke gratis af by die Afrikaanse opsie: www.thedesertcall.com